

Afrikaans



#NYP2030

NASIONALE JEUGBELEID 2020-2030

'n Dekade om positiewe jeugontwikkelingsuitkomst te versnel



women, youth &
persons with disabilities
Department:
Women, Youth and Persons with Disabilities
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



INHOUDSOPGAWE

| | | |
|-------|--|----|
| I. | VOORWOORD DEUR DIE MINISTER..... | 4 |
| II. | VOORWOORD DEUR DIE ADJUNKMINISTER..... | 5 |
| III. | DANKBETUIGING DEUR DIE DIREKTEUR-GENERAAL | 6 |
| 1. | WAAROM 'N JEUGBELEID VIR SUID-AFRIKA? | 7 |
| 2. | DEFINISIE EN PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG..... | 8 |
| 3. | STRATEGIESE BEWEGING..... | 9 |
| 3.1 | Visie..... | 9 |
| 3.2 | Missie..... | 9 |
| 3.3 | Doelwit..... | 9 |
| 3.4 | Oogmerke | 9 |
| 3.5 | Gewenste beleidsuitkoms..... | 9 |
| 3.6 | Waardes en beginsels..... | 9 |
| 3.6.1 | Waardes | 9 |
| 3.6.2 | Beginsels | 10 |
| 4. | VORDERING GEMAAK GEMEET AAN VORIGE BELEIDE | 10 |
| 5. | KNAENDE UITDAGINGS WAT JONG MENSE RAAK | 13 |
| 5.1 | Hoë uitsakkoerse en lae oorgang van skool na werk..... | 13 |
| 5.2 | Lae vaardigheidsvlakke en vaardigheidswanverhouding..... | 14 |
| 5.3 | Endemiese en strukturele jeugwerkloosheid asook lae entrepreneursbelangstelling..... | 15 |
| 5.4 | Swak liggaamlike en geestesgesondheidsuitkomst..... | 16 |
| 5.5 | Onbenutte kulturele en kreatiewe bedrywe..... | 18 |
| 5.6 | Verswakking van maatskaplike kern en aktiewe burgers..... | 18 |
| 5.7 | Ontoereikende hulpbronne vir jeugontwikkeling en swak gekoördineerde dienste | 18 |
| 6. | BELEIDSPRIORITEITSAREAS..... | 19 |
| 6.1 | GEHALTEONDERWYS, VAARDIGHEDE EN TWEEDE KANSE..... | 19 |
| 6.1.1 | Verseker universele toegang tot gehalteprogramme vir vroeë kinderontwikkeling en vroeë leerprogramme vir almal..... | 20 |
| 6.1.2 | Ontwikkel veilige leeromgewings | 20 |
| 6.1.3 | Ontwikkel onderwysers en hersien kurrikulum om probleemoplossing, indiensneembaarheid, entrepreneurskap en aanpassing by die 4IR te bevorder | 20 |
| 6.1.4 | Implementeer interdisiplinêre vroeë ingrypingsprogramme vir gesonde ontwikkeling van jong mense | 21 |
| 6.1.5 | Bied tweede kanse om voltooiing en herbetrokkenheid by opvoedkundige instellings te fasiliteer | 21 |
| 6.1.6 | Verskaf deurlopende loopbaanvoorigting vir tegniese, tegnologiegebaseerde en produksiesektore van die ekonomie | 21 |

| | | |
|------------|--|-----------|
| 6.1.7 | Verhoog geleentede vir naskoolse vaardigheidsopleiding van gehalte vir almal | 22 |
| 6.2 | EKONOMIESE TRANSFORMASIE, ENTREPRENEURSKAP EN WERKSKEPPING..... | 22 |
| 6.2.1 | Implementeer die Presidensiële Jeugwerkinisiatief en Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan | 23 |
| 6.2.2 | Stel 'n basiese universele inkomstetoelae in vir werklose jeugdiges | 23 |
| 6.2.3 | Implementeer kwotas vir jeugdiges in alle sektore | 23 |
| 6.2.4 | Implementeer beter openbare indiensnemingskemas wat sinvolle werkgeleentede vir die jeug verskaf (massawerkverskaffingstrategie)..... | 24 |
| 6.2.5 | Betrek die jeug by grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbouwaardeketting..... | 24 |
| 6.2.6 | Ondersteun township- en landelike ekonomieë vir ekonomiese transformasie, werkskepping en indiensneming in hoë-absorpsiekapasiteit..... | 24 |
| 6.2.7 | Ontwikkel en steun sakeondernemings en koöperasies in jeugbesit (aansporing van entrepreneurskap) | 25 |
| 6.3 | BEVORDERING VAN LIGGAAMLIKE EN GEESTESGESONDHEID | 26 |
| 6.3.1 | Ondersteun gesonde lewenstyle deur bevordering van liggaamlike en geestesgesondheid..... | 27 |
| 6.3.2 | Bevorder geestesgesondheid onder die jeug..... | 27 |
| 6.3.3 | Bekamp middelmisbruik onder die jeug | 27 |
| 6.3.4 | Bekamp geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord..... | 28 |
| 6.3.5 | Bevorder seksuele en reproduksiegesondheid en -regte | 28 |
| 6.3.6 | Versag die impak van pandemies..... | 28 |
| 6.4 | MAATSKAPLIKE SAMEHORIGHEID EN NASIEBOU | 29 |
| 6.4.1 | Gebruik veelsydige benadering om maatskaplike samehorigheid en nasiebou te verskans | 29 |
| 6.4.2 | Verskaf toereikende hulpbronne en opgradering van die Nasionale Jeugdiansprogram | 30 |
| 6.4.3 | Stel die jeug bloot aan positiewe grondwetlike waardes wat Suid-Afrikaanse identiteit bevorder | 30 |
| 6.4.4 | Ondersteun jong Suid-Afrikaners om alle vorms van diskriminasie teen te staan, insluitende sistemiese rassisme | 30 |
| 6.4.5 | Bevorder leierskap en aktiewe burgerskap onder die jeug..... | 31 |
| 6.4.6 | Brei verpligte skool- en gemeenskapsport uit en verskaf voldoende hulpbronne | 31 |
| 6.4.7 | Gebruik die 4de Industriële Revolusie om maatskaplike samehorigheid en nasiebou te bevorder | 31 |
| 6.5 | EFFEKTIEWE EN RESPONSIEWE JEUGONTWIKKELINGSMASJINERIE | 31 |
| 6.5.1 | Versterk jeuginstellings en -strukture om doeltreffendheid en responsiwiteit te verseker..... | 32 |
| 6.5.2 | Koördineer dienslewering vir hoë impak..... | 33 |
| 6.5.3 | Fasiliteer erkenning van jeugontwikkelingspraktyk as 'n professie | 33 |
| 7. | MEGANISMES VIR MONITERING EN EVALUERING | 34 |
| 8. | TEN SLOTTE | 35 |
| 9. | BRONNE | 36 |

i. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER

Beleidsontwikkeling gaan daarvoor om lewens te verander en die ergste lyding te hanteer wat die jeug ondervind omdat hulle nie werk kan kry nie, hetsy as ongeskooldes, geskooldes of met tersiêre opvoeding, asook ander sosio-ekonomiese kwessies. Dit vereis effektiewe leierskap en koördinerings. Die 6de Administrasie word onderskei deur president Cyril Ramaphosa se aankondiging van 'n nuut gestigte Departement vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede. Die Departement is strategies geplaas vir leiding, ondersteuning, koördinerings, monitering en evaluering van die implementering van jeugontwikkeling in verskeie sektore in alle sferes van die samelewing. Om hierdie leierskap te bied, is een van die Departement se vernaamste mandate om 'n oorkoepelende jeugontwikkelingsbeleid en wetgewing te ontwikkel.

In die lig van die voorgaande het die proses van die ontwikkeling van die Nasionale Jeugbeleid (NJB) 2020-2030 net na die afhandeling van die 25-jaar-hersiening gekom. In 2019, na my aanstelling as Minister in die Presidensie vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede, het ek onmiddellik 'n multisektorale Tegnieiese Verwysingspan (TVS) ingestel om die ontwikkeling van 'n nuwe beleid vir die land te lei en te koördineer. Die basis om verskeie sektore te verteenwoordig is die feit dat die NJB 2030 nie net 'n regeeringsbeleid is nie maar die samelewing se verbintenis tot jeugontwikkeling.

Dit is belangrik dat Suid-Afrika se NJB hersien is te midde van die afgradering van ons ekonomie, ekonomiese resessie en 'n tierende koronavirus (COVID-19)-pandemie, wat wêreldwyd chaos veroorsaak en lewens en lewensbestaan bedreig. As gevolg van die pandemie het beleidbepaling kompleks en moeiliker geword. Ons moes die rigting van ons leiding verander, die basis verlaag van waar ons beplan, en al ons basislyne maak nou grotendeels voorsiening vir die nuwe normaal. Ons moet die algemene bevolking, en in die besonder die belangrike jeugdemografie, beskerm teen die negatiewe impak van ekonomiese uitdagings en alle ander probleme wat hulle benadeel.

Jong mense was voor COVID-19 reeds gemarginaliseer, maar die uitbreking het hulle haggelike situasie verder vererger. Hulle opvoeding is onderbreek, en baie het sosiaal geïsoleer, angstig en depressief geraak as gevolg van inperkingsmaatreëls. Die voorkoms van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGV) neem ook toe, swak voeding is vererger as gevolg van verlaagde beskikbaarheid van gesonde voedsel, daar was 'n algemene gebrek aan toegang tot seksuele gesondheids- en reproduksiedienste, en diene wat werk soek, kon dit nie meer doen nie en is dus verder uitgesluit uit die ekonomie, terwyl ondernemings in jeugbesit inkomsteverliese ondervind het wat jong mense se lewensbestaan bedreig.

Nog meer sorgwekkend is dat die 2020 Mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring onthul het dat die land se ekonomie vanjaar na verwagting met 7,8% gaan krimp en dat werkverliese erger gaan wees. Dit is onwaarskynlik dat Suid-Afrika se ekonomie binne die volgende twee tot drie jaar na normaal sal terugkeer. Ons verwelkom alle gesondheids- en sosio-ekonomiese maatreëls wat deur die President aangekondig is om die pandemie die hoof te bied, insluitende ingrypings volgens die Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan. Dit vereis groter deelname van die jeug aan die ekonomie deur prioritisering van klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) in jeugbesit en koöperasies en 'n vaardigheidstrategie wat die jeug teiken. Dit sal ondersteuning bied vir kwesbare huishoudings, besighede en individue wat behoeftig bly as gevolg van werkloosheid en verskeie maatskaplike euwels in die land.

Aan alle belanghebbendes van dwarsoor die land wat deelgeneem het aan ons reis om met die NJB 2020-2030 vorendag te kom, julle verbintenis word waardeer. Hoewel die konsultasieproses deur die inperkingsmaatreëls onderbreek is, is meer belanghebbendes betrek. Ek erken graag die toegewyde en onvermoeide werk van almal wat betrokke was by die koördinerings van hierdie werk, veral die Tak Nasionale Jeugontwikkeling en alle lede van die TVS. Die deelname van ander staatsdepartemente verseker dat die beleid gebalanseerd is en reageer op die gapings wat uitgewys is. Die waardevolle bydrae van die Nasionale Jeugontwikkelingskoördineringsforum, organisasies in die burgerlike samelewing, akademies, navorsingsorganisasies, sakeondernemings, organisasies wat die jeug bedien en deur jeugdige gelei word, asook die jeugformasies en studenteorganisasies is hoogs lofwaardig. Ek hoop hierdie jeugbeleid sal dien as verwysing vir alle jong mense en tersaaklike belanghebbendes op die jeugontwikkelingssterrein. Ons gesamentlike poging om jeugontwikkeling 'n werklikheid te maak, bied 'n stewige basis vir 'n voorspoedige Suid-Afrika en 'n beter lewe vir almal.

Minister in die Presidensie vir Vroue,
Jeug en Persone met Gestremdhede

ii. VOORWOORD DEUR DIE ADJUNKMINISTER

In Suid-Afrika maak die jeug meer as 'n derde van die bevolking uit, en diegene in die ouderdomsgroep 15 tot 34 is 34,7% van die bevolking (2020 Statistics South Africa Mid-term Population Survey). Met dit in gedagte kom jong mense steeds te staan voor ernstige uitdagings, en die belangrikste daarvan is die probleem van strukturele werkloosheid. Dit is nie 'n oordrywing nie dat hierdie uitdaging krisisaftrekkings aanneem. Die Kwartaalikse Arbeidsmagopname (QLFS) vir die eerste kwartaal van 2020 toon dat werkloosheid op 30,1% gestaan het, wat die hoogste werkloosheidskoers sedert 2008 was. Nog sorgwekkender is dat die werkloosheidskoers van jeugdige van 25 tot 34 jaar meer as dubbel so hoog is as dié van die ouderdomsgroep 45 tot 54 (37,3% vs 17,5%). Dit raak erger as mens kyk na die werkloosheidskoers van die jeug tussen 15 en 24 jaar, wat op 59,0% gestaan het in K1 van 2020, wat impliseer dat byna 6 van elke 10 jeugdige werkloos was.

Die prentjie hierbo is erger vir mense tussen 15 en 24 jaar; diegene wat nie in diens, onderwys of opleiding was nie (NDOO), het op 'n geweldige nagenoeg 3,5 miljoen te staan gekom. Die werkloosheidskoers is tipies hoër vir jong vroue, en jeugdige in landelike gebiede staan ander uitdagings as dié in stedelike gebiede in die gesig. Boonop ondervind jong mense met gestremdhede steeds enorme uitdagings in die arbeidsmark omdat hulle 'n groter kans het om sosiaal uitgesluit en gemarginaliseer te word.

Die syfers hierbo is nie net statistieke nie; as mens gesigte by al hierdie syfers begin plaas, word die probleem 'n werklikheid. Dit is mense met hoop, drome en vermoëns, wat tot hulle gemeenskappe en die land kan bydra. Die situasie van hierdie jong mense word vererger deur die uitbreek van die COVID-19-pandemie in 2020, wat hulle lewensbestaan en oorlewing bedreig, veral jong mense met onderliggende siektetoestande. Die konteks word meer kompleks gemaak as gelet word op die skerp maar hopelik kort wêreldwye resessie wat ons tans beleef.

Hierdie Nasionale Jeugbeleid (NJB) 2030 beoog verskeie beleidsbepalings om ontwikkeling, bemagtiging en veerkrag van ons jeug tydens en na die pandemie-era te versterk. Dit onderstreep die behoefte vir sleutelrolspelers in die samelewing, naamlik die regering en die privaat sektor en die burgerlike samelewing, om hulle verbintenis te verskerp om jeugontwikkeling 'n prioriteit te hou. Selfs terwyl die verskillende sektore op die pandemie reageer, is dit baie belangrik dat ons werk gefokus is daarop om responsiwiteit te verseker en positiewe uitkomstes en resultate te toon, wat langdurige gevolge sal hê. Ons glo dat deur jong mense as aktiewe rolspelers te betrek, ons op die regte pad sal wees om hulle sosio-ekonomiese bemagtiging te herstel en te versnel.

Die vernaamste respons- en herstelstrategie is om institusionele kapasiteit te verseker om jeugontwikkeling en vennootskap tussen die regering, sakeondernemings, die burgerlike samelewing en jong mense te bespoedig. Dit is baie belangrik terwyl die land vinnig optree om beslissend aandag te gee aan aanhoudende uitdagings vir jeugontwikkeling, ten einde die voordele te kry van 'n groter jeugbevolking en Suid-Afrika sodoende vorentoe sal neem.

Ek is baie bly dat die Departement van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede by die hersiening van die NJB uitgebreide konsultasie met die jeug gehad het, asook met jeuggeleide en jeugdierende organisasies in verskeie sektore. Hierdie konsultasies het geskied in die gees van tussenregeringsbetrekkinge en 'n poging om 'n sterk sosiale verdrag te vorm wat sal verseker dat die hersiening van die NJB 'n samewerkingspoging is, gebou op insette van alle sektore van die samelewing. Dit sal ongetwyfel aanspreeklikheid van alle belangrike rolspelers vir die jeug verseker. Ek persoonlik verbind my daartoe om die DVJPG se Tak Nasionale Jeugontwikkeling te steun ten einde te verseker dat hy die moniterings- en evalueringfunksie van implementering van die NJB 2030 behoorlik sal uitvoer.

Adjunkminister in die Presidensie vir Vroue,
Jeug en Persone met Gestremdhede

iii. DANKBETUIGING DEUR DIE DIREKTEUR-GENERAAL

Die Departement van Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede (DVJPG) is dankbaar vir die leierskap van die Minister en die Adjunkminister by die formulering van die Nasionale Jeugbeleid 2020-2030. Die geweldige bydrae van die opstel van die basisdokument en gehalteversekering van die finale weergawe deur dr R. Bernice Hlagala, mnr Emmanuel Kganakga, mnr Calvin Mkasi, mnr Oltman Fourie, mnr Rudzani Neshunzhi, me Mologadi Leboho, me Aluwani Mudau, me Nhlanhla Manzini en mnr Nkululeko Mahlangu word erken. Die Departement waardeur ook die bestendige vennootskap van die Verenigde Nasies se Bevolkingsfondsagentskap (UNFPA) onder leiding van die Landsdirekteur, me Beatrice Mutali, asook me Tlangelani Shilubane en me Precious Magogodi. 'n Spesiale woord van dank gaan aan die lede van die Tegnieuse Verwysingspan (TVS), wat verantwoordelik was vir toesig oor hierdie projek en om konsultasie met die betrokke belanghebbendes te verseker. Die TVS-vertegenwoordigers sluit in me Lato Mabaso (COGTA), me Laila Ncwana (DHNM), me Pebetse Maleka (Nasionale Tesourie), me Hanlie Nel en mnr Fanani Manungu (DSDA), me Rebecca Sikhosana (DHOO), me Kgomotso Moalusi en mnr Surprise Mokgope (DVJPG), me Malebo Meko, me Sandisiwe Tsoetsi (NYDA), mnr Thembinkosi Josopu (SAJR), me Sino Moabalobelo (BUSA), mnr Luvuyo Manyi en Mr Thobela Maponya (BBC), wyle dr KJN Karel (UNISA), prof Arianne De Lanoy (UK – SALDRU) en dr Raymond Raselekoane (UNIVEN). Die beamptes van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), drs Makoae, Precious Tirivhanu, Mathias Fubah Alubafi en Ntombizodumo Mkwanazi, het ook onvermoeid gewerk om hierdie dokument op te stel en by te werk.

Om nasionale eienaarskap en aanvaarding te verseker, was daar breë en uitgebreide konsultasiesessies met jeugfokuspunte in nasionale lynfunksiedepartemente, kantore van die premiers in al nege provinsies, munisipaliteite, die burgerlike samelewing en privaatsektororganisasies asook die jeug self op sowel fisiese as virtuele wyse. Die oop en openhartige besprekings op baie konsultasieplatforms wat tot belangrike bydraes deur al hierdie belangrike belanghebbendes gelei het, word erken. Hulle almal het belangrike insigte bygedra in die kwessies wat jong mans en vroue in Suid-Afrika raak en het die beleidsdokument verryk. Die Departement reken op alle belanghebbendes, individueel en gesamentlik, om voort te gaan om inligting te deel en hierdie beleid te populariseer, ten einde na soveel as moontlik jong mense uit te reik.

Die NJB 2030 berus op die volgende vyf pilare, met die Vierde Industriële Revolusie (4IR) geïdentifiseer as die dwarsliggende tema oor al hierdie beleidspilare:

- (a) Gehalteonderwys, vaardighede en tweede kans.
- (b) Ekonomiese transformasie, entrepreneurskap en werkskepping.
- (c) Liggaamlike en geestesgesondheidsbevordering, insluitende versagting teen die COVID-19-pandemie(s).
- (d) Maatskaplike samehorigheid en nasiebou.
- (e) Effektiewe en responsiewe jeugontwikkelingsmasjinerie.

Om die NJB 2030 effektief te implementeer, sal die Departement 'n M&E-stelsel ontwikkel. Ons reken op alle belanghebbendes om aan boord te kom en hoëvlakse uitset-, uitkoms- en impakaanwysers te stel om die implementering van die NJB 2030 na te gaan. Die Minister en die Adjunkminister in die Presidensie verantwoordelik vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede herbevestig hulle verbintenis as politieke leiers vir jeugontwikkeling, om steeds 'n oog te hou oor versnelling van implementering. Laastens moedig ons alle belanghebbendes aan om bemagtiging van jong mense steeds te prioritiseer en om die NJB 2030 te gebruik as 'n noodsaaklike voorspraakinstrument ten einde positiewe volhoubare veranderinge in die lewe van ons jeug teweeg te bring.

Direkteur-generaal van die Departement van Vroue,
Jeug en Persone met Gestremdhede

groot getalle jong Suid-Afrikaners te bereik. Dit word verkry deur nuwe ingrepe in te bring, bestaande ingrepe te versterk en met sleutelrolspelers saam te werk vir opskaling en implementering. Tasbare verbintnisse, hulpbronskaffing, aksie en verantwoordbaarheid deur alle belanghebbendes in samewerking met jong mense bly van uiterse belang.

2. DEFINISIE EN PROFIEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG

Die NJB's 2009, 2015 en 2030 definieer jong mense as diegene tussen die ouderdomme 14 en 35 jaar. Hoewel daar sedert die koms van demokrasie in 1994 baie dinge vir jong mense verander het, het die motivering vir die ouderdomsperk van 35 jaar nog nie verander nie as gevolg van die behoefte om historiese wanbalanse in die land ten volle reg te stel. Hierdie jeugdefinisie stem ooreen met die definisie in die Afrika-jeughandves as diegene tussen 15 en 35 jaar (African Union Commission, 2006)). Volgens Statistieke SA (2019) maak die jeug tussen die ouderdomme van 15 en 35 jaar meer as 37% van die land se bevolking uit (20 640 722).

Jong mense vorm 'n kragtige hulpbron vir die land, mits hulle ondersteun en in staat gestel word om aktiewe lede van die samelewing te word. Die NOP 2030 verklaar soos volg: "Om 'n jong bevolking te hê, kan voordelig wees, mits die meeste individue van werkouderdom lonend in diens is. ... Die uitdaging is om dit in 'n demografiese dividend te omskep. Dit sal moontlik wees slegs as die aantal individue van werkouderdom in produktiewe aktiwiteite in diens kan wees ..." (2012: 98). Jong Suid-Afrikaners word egter steeds eenkant gelaat deur sosiokulturele, politieke en ekonomiese norme, waardeur politieke en ekonomiese deelname beskou word as die prerogatief van ouer persone, en vandaar 'n voortdurende behoefte aan beleide en implementeringsraamwerke wat die jeug se kwellings behoorlik in ag neem.

By die konseptualisering of ontwerp van ingrepe vir die jeug moet jeuggerigte ingrepe alle jong Suid-Afrikaners in staat stel om aktief deel te neem aan en betrokke te raak by die sosiokulturele, ekonomiese en politieke lewe van die samelewing. Soos die vorige NJB's erken die NJB 2030 dus dat jong mense nie 'n homogene groep is nie en aanvaar gevolglik 'n gedifferensieerde benadering, met voorspraak vir geteikende ingrepe volgens ouderdomsgroepe (d.i. adolessente teenoor ouer jeugdige), rassegroep, geslag, gestremdheidstatus, geografiese ligging, opvoedkundige status, seksuele georiënteerdheid, kwesbaarheid en risiko's. Hierdie spesifieke groepe binne die breë ouderdomsgroep "jeug" is op hulle spesifieke uitdagings en behoeftes gerig. So 'n geteikende benadering sal spesifieke behoeftes van verskillende groepe die hoof bied, byvoorbeeld lesbiese, gay, biseksuele, transgender, queer en interseks (LGBTQI+) seksuele georiënteerdheid by die jeug kan lei tot versperrings in ekonomiese en sosiale uitsluiting rakende strukturele ongelykheid en sosiale stigma (Nyeck, Shepherd, Sehoole, Ngcobozi & Conron, 2019). Hierdie gedifferensieerde benadering maak dit vir die NJB moontlik om ander definisies in toepaslike wetgewing en beleide in aanmerking te neem, soos die definisie van 'n kind as 'n persoon tot die ouderdom van 18 jaar in die Children's Act (Wet No. 38 van 2005), adolessent- en jeuggesondheidsbeleidsraamwerk, en die strafregstelsel se verwysing na jong oortreders as diegene tussen die ouderdomme van 14 en 25 jaar asook onderskeid tussen 'n jong persoon en 'n "volwasse jeugdige". Ofskoon daar versperrings en beleidsmaatreëls is wat breedweg op alle jeuggroepe van toepassing is, bestaan daar 'n behoefte om die skale en aard van ondersteuning vir verskillende jeugteikengroepe te wissel.

3. STRATEGIESE BEWEGING

3.1 Visie

Die visie van die NJB 2030 is:

“Geïntegreerde, holistiese en volhoubare jeugontwikkeling, bewus van historiese wanbalanse, huidige werklikhede en diversiteite by die bou van kapasiteit vir jong mense, sodat hulle op hulle beurt daartoe kan bydra om ‘n beter lewe vir almal te bou.”

3.2 Missie

Die missie van die NJB 2030 is die bevordering van positiewe jeugontwikkelingsuitkomst om in die behoeftes van jong mense te voorsien.

3.3 Doelwit

Die doelwit van die NJB 2030 is om die vermoëns van jong mense te verbeter sodat hulle verantwoordelike en bydraende lede van hulle gemeenskappe en die samelewing kan wees.

3.4 Oogmerke

Die oogmerke van die NJB 2030 is soos volg:

- (a) Integreer jeugontwikkeling in die hoofstroom van beleide, programme en die nasionale begroting.
- (b) Versnel jong mense se toegang tot maatskaplike, politieke en ekonomiese geleenthede van gehalte.
- (c) Verbeter samehang en reikwydte van jeugontwikkelingsdiensverskaffers.
- (d) Fasiliteer jong mense se gladde oorgang na onafhanklikheid.
- (e) Kweek en versterk ‘n kultuur van patriotisme onder jong mense.
- (f) Versterk jeugontwikkelingsinstellings by die lewering van gekoördineerde dienspakkette.
- (g) Werk saam met die jeug om ‘n beter Suid-Afrika, ‘n beter Afrika en ‘n beter wêreld te bou.

3.5 Gewenste beleidsuitkoms

Die gewenste beleidsuitkoms is bemagtigde jeug toegerus met inligting, kennis en vaardighede wat hulle in staat stel om geleenthede aan te gryp en effektief verantwoordelikheid te aanvaar om ‘n sinvolle bydrae te lewer tot die ontwikkeling van ‘n demokratiese en voorspoedige Suid-Afrika.

3.6 Waardes en beginsels

Jeugontwikkeling in Suid-Afrika is beïnvloed deur die lang geskiedenis van stryd teen uitsluiting en diskriminasie. Dwarsdeur ons geskiedenis het jong mense opgetree as ‘n kollektiewe gewete en as drywers van transformasie, met aktiewe deelname aan die ontwikkeling van ‘n maatskaplik inklusiewe en ekonomies bemagtigde samelewing. Jeugontwikkeling word gelei deur die visie van ‘n nierassige en nieseksistiese samelewing wat deur transformasie, heropbou en ontwikkeling gebou word. Dit beteken dat die volgende waardes en beginsels van kritieke belang is vir ons jeug, soos in die NJB 2030 uiteengesit:

3.6.1 Waardes

Die NJB bevorder die volgende waardes:

- **Veranderingsagente** – jong mense is instrumente en agente vir hulle eie ontwikkeling. Jong mense moet beskou word as agente van verandering, nie as passiewe ontvangers van dienste van die staat nie.
- **Inherente waarde en waardigheid van die jeug** – die verskaffing van dienste moet respek vir die waarde en waardigheid van jong mense weerspieël. Jong mense moet ondersteun word om hulle inherente sterk punte en potensiaal te ontwikkel.
- **Morele herlewering** – die bevordering van morele en geestelike herlewering in ooreenstemming met die waardes van Ubuntu en die sorgetiek.
- **Sosiale wesens** – jong mense is sosiale wesens wat behoort tot ‘n verskeidenheid belangrike netwerke op plaaslike, nasionale, regionale en internasionale vlak. Dit is baie belangrik dat hierdie netwerke versterk word om noodsaaklike steunstelsels vir jong mense te word en met opset op die jeug fokus om effektief in hulle behoeftes te voorsien.
- **Jeugbemagtiging** – ingrepe moet jong mense bemagtig as bates vir nasionale ontwikkeling deur hulle selfvertroue te verhoog sodat hulle sinvol kan bydra tot hulle eie ontwikkeling en dié van die breër samelewing.

- **Gelykheid** – ingrepe moet wanbalanse regstel oor ras, geslag en gestremdhede heen en moet ’n jeugbenadering hê.

3.6.2 Beginsels

Die NJB berus op die volgende beginsels:

- **Toeganklikheid** – jong vroue en mans van uiteenlopende agtergronde moet toegang hê tot hulpbronne en dienste wat belangrik is vir hulle holistiese ontwikkeling.
- **Bategebaseerde volhoubare ontwikkeling** – jong mense se bates, potensiaal, kapasiteit en vermoëns moet vergroot word sodat hulle effektief en doeltreffend kan reageer op uitdagings, sonder benadeling van die vermoë van toekomstige geslagte om in hulle eie behoeftes te voorsien.
- **Diversiteit** – ingrepe moet ag slaan op die uiteenlopende agtergronde van jong mense en moet die rolle verwelkom wat deur verskillende agente van sosialisering, tradisie, kultuur en geestelikheid gespeel word in die ontwikkeling van jong vroue en mans.
- **Geslagsresponsiwiteit** – spesifieke aksies wat geslagsgelykheid bevorder om te verseker dat jong vroue gelyke vennote van jong mans is, moet ingestel word om geslagsgebaseerde ongelykheid in politieke, sosio-ekonomiese en kulturele opsette die hoof te bied.
- **Holisties** – samehorigheid in die jeugontwikkelingssektor om te verseker dat die verskillende behoeftes van jong mense aandag geniet en dat die ondervinding van toegang tot die dienste wat hulle nodig het, wanneer hulle dit nodig het, so naatloos en omvattend as moontlik is, om te verseker dat hulle die nodige kennis, vaardighede en ondervinding kry wat nodig is om ’n gladde oorgang na die volwasse lewe te verseker.
- **Integrasie** – verskeie rolspelers, soos die regering, burgerlike samelewing en die privaat sektor, moet hulle pogings koördineer om groter impak te verseker om die ontwikkeling van jong mense te steun.
- **Niediskriminerend** – jeugontwikkelingsinisiatiewe moet nie teen die jeug diskrimineer nie op grond van ouderdom, geslag, ras, seksuele georiënteerdheid, gestremdheid of enige ander vorm van diskriminasie soos verskans in die Grondwet.
- **Deelname en insluiting** – diensdepartemente/instellings moet beleide, strategieë en programme saam met jong mense ontwerp, inligting deel, geleenthede skep en hulle by besluitneming betrek as aktiewe deelnemers aan hulle eie ontwikkeling en die ontwikkeling van die land.
- **Herstel** – dit is belangrik om die verskillende maniere te erken waarop jong mense geraak is en steeds geraak word deur ongeregtighede en dit moet reggestel word deur billike beleide, programme en hulpbrontoewysing.
- **Veerkrag** – jeugontwikkeling moet poog om jeugdiges te help om van enige skokke of probleme te herstel deur beskikbare geleenthede te kry.
- **Responsiwiteit** – jeugontwikkelingsdiensverskaffers moet op die behoeftes en kwellings van jong mense reageer en primêr in hulle belang optree sodat hulle positiewe samelewings- en wêreldimpakte kan maak.
- **Maatskaplike samehorigheid** – jeugontwikkelingsingrepe moet insluiting van jong mense as ’n beduidende deel van samelewingstrukture bevorder deur hulle by demokratiese en nasieboubedrywighede te betrek.
- **Deursigtigheid** – instellings en organisasies betrokke by jeugontwikkeling moet op ’n deursigtige en verantwoordbare wyse optree.
- **Jeugdiena** – jong mense moet betrokke raak by sinvolle aktiwiteite wat tot voordeel van gemeenskappe is, en moet hulle gevoel van patriotisme en hulle vermoëns ontwikkel deur middel van leer en diens.

4. VORDERING GEMAAK GEMEET AAN VORIGE BELEIDE

Jeugontwikkeling en -bemaatting is ’n belangrike fokus van die regering se ingrepe. Die 25-jaar-hersieningsverslag beklemtoon die vernaamste prestasies met betrekking tot die vyf geprioritiseerde strategiese fokusgebiede van die 2009-2014- en die 2015-2020-jeugbeleid, naamlik (i) onderwys, vaardighede en tweede kans; (ii) ekonomiese deelname en transformasie; (iii) gesondheid en welstand; (iv) maatskaplike samehorigheid en nasiebou, en (v) effektiewe en responsiewe jeugontwikkelingsmasjinerie.

By assessering van die vordering met onderwys, vaardighede en tweede kans is die bedoeling om toegang tot gehalteonderwys te verbeter wat die potensiaal van jong mense ontsluit deur hulle vermoëns te ontwikkel. Suid-Afrika het vordering gemaak met die bevordering van toegang tot onderwys en opleiding. Dit blyk uit onderwysbereikingsuitkomst, wat steeds verbeter. Nagenoeg 52% van 24-jariges in die land het Graad 12 voltooi, hoewel dit steeds laag is vergeleke met 70% in die meeste ontwikkelende lande. Die nasionale slaagkoers vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen het gestyg van 75,1% in 2017 tot 78,2% in 2018, en ’n slaagkoers van 81,3% is in 2019 behaal, die hoogste slaagkoers die afgelope 25 jaar. Van 1994 tot 2016 was daar ’n toename in die aantal leerders met naskoolse kwalifikasies van 1,7 miljoen tot 3,6 miljoen. Voorts het

inskrywings by universiteite tussen 1994 en 2016 bykans verdubbel, met 'n toename van 495 356 tot 975 837. Die 2013 Algemene Huishoudingsopname het ook geraam dat 705 397 studente in 2016 by TBOO-kolleges ingeskryf was. Teen die einde van 2018 was daar 1 036 984 studente ingeskryf by openbare hoërondewysinstellings (Statistics on Post-School Education and Training in South Africa, 2017). Daar was ook verhoogde deelname deur histories benadeelde jeuggroepe aan onderwys op alle vlakke oor die afgelope twee dekades, veral in primêre en laer sekondêre onderwys. Verder is daar verbeterde toegang tot onderwysfasiliteite en -dienste asook onderwysgeleenthede vir oortreders, wat hulle herintegrasië in die samelewing vergemaklik. Algemeen gesproke het onderwysbereiking steeds verbeter met groter deelname aan die basiese onderwysstelsel, wat toegeskryf word aan verskeie ondersteuningsbeleide wat oor die jare ingestel is, insluitende implementering van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), wat skoolbywoning van Graad 1 tot Graad 9 verpligtend maak.

Die regering se verhoogde finansiële steun vir arm leerders, hoofsaaklik deur geenskoolgeldskole en die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) vir verdienstelike behoeftige studente, is gemik op sosio-ekonomiese ongelykhede wat dikwels op 'n rassegrondslag bestaan, met swart jeugdige wat die meeste benadeel word. Die #FeesMustFall-beweging, met die eis dat gedekoloniseerde onderwys vrylik beskikbaar gestel moet word aan alle studente aan openbare universiteite, het gelei tot die regering se aankondiging van 'n toekenning van R57 miljard oor drie jaar (2018/19-2020/21) vir die befondsing van gratis onderwys vir studente uit arm of werkersklasgesinne met 'n gesamentlike jaarlikse inkomste van tot R350 000.

Die regering van Suid-Afrika het 'n magdom beleide en wetgewing ingestel om toegang te verleen tot inligting, kommunikasie, tegnologie (IKT)-infrastruktuur en bekostigbaarheid, om die gebruik van IKT in opvoedkundige instellings te bevorder tot voordeel van die jeug. Hierdie proses word vinnig verander en ontwig deur die koms van die Vierde Industriële Revolusie (4IR), wat bestaan uit 'n omgewing waar 'n aantal nuwe innovasies en tegnologieë wat die fisiese, digitale en biologiese wêreld oor dissiplines en geografieë laat versmelt, gebruik word om te organiseer hoe ons lewe, werk en omgaan. Die 4IR vereis dat die jeug toegerus word met tegnologiese en digitale vaardighede asook 'n beleidsomgewing wat die jeug in staat stel om deel te neem aan ontwikkelende digitale innovasies en ekonomieë, insluitende geglobaliseerde blokketting-gebaseerde ekonomiese en "Groot Data"-aktiwiteite. Butler-Adam (2018) beweer "artificial intelligence will replace more jobs than it will create – with more than half of today's jobs becoming automated within the next 35 years".

In bogemelde geval bly digitale insluiting van Suid-Afrika se jeug 'n sleuteloogmerk, omdat dit blykbaar een van die grootste suksesverhale is, wat effektiewe implementering toon van die aanbevelings van die Nywerheidsbeleidaksieplan (IPAP) 2018/19-2020/21. Dit toon vordering met die implementering van die IPAP-aanbevelings, wat digitale groei en die skepping van 'n "digitale" samelewing bevorder. Dit alles het bygedra om te verseker daar was (i) 'n instaatstellende raamwerk vir digitale groei; (ii) nodige infrastruktuur vir 'n "digitale" samelewing; (iii) universele toegang tot digitale hardeware en sagteware; en (iv) aanmoediging van digitale innovasie. Die Nasionale E-strategie, wat in 2017 gepubliseer is, sou na verwagting voortbou op die sukses van die IPAP. Die Plan maan voorts dat hoewel die digitale nywerheidsomwenteling 'n kritieke element van die Suid-Afrikaanse nywerheidsontwikkelingsbeleid is, eersgenoemde se vaardigheidsvereistes die produktiwiteit van die onderwyssektor oorskry. Gevolglik bied dit wesenlike uitdagings en bied dit dalk minder onmiddellike uitsnygeleenthede vir die plaaslike ekonomie (Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging IPAP, 2018, p. 101).

Om ekonomiese deelname en transformasie te verseker, het die regering verskeie openbare werkverskaffingsprogramme geïmplementeer wat hoofsaaklik op die jeug gemik is, insluitende die Gemeenskapswerkeprogram (GWP), die Uitgebreide Program van Openbare Werke (UPOW), die Nasionale Landelike Jeugdienskorps (NLJDK), jeugkoöperasies en jeugentrepreneurs (bv deur NYDA befonds), die Nasionale Jeugdiensprogram (NJDP), vaardighedsopleiding (bv leerderskappe befonds deur die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerhede (SETA's)), die Postefonds, die Indiensnemingsbelastingaansporing (IBA) en die Jeugindiensnemingsdiens (JID). Voorbeelde van sosio-ekonomiese vordering sluit in geleenthede geskep vir die jeug deur die UPOW, JID en IBA, entrepreneurskap, en verbeterings in die gesondheid en welstand van jong mense. Teen Desember 2018 was 2 miljoen van die 4,3 miljoen UPOW-werkgeleenthede wat geskep is, op die jeug gemik.

Die JID is 'n inisiatief wat gevorm is deur 'n vennootskap tussen die openbare sektor, die privaat sektor en die burgerlike samelewing en is gemik op verhoging van jeugindiensneembaarheid. Dit fokus op voorheen benadeelde jeugdige tussen die ouderdomme 18 en 35 deur werkondervinding vir een jaar te bied, wat aan jong mense 'n kans gee om hulle vermoëns te toon. Die program se aangetekende prestasie is 33 986 werkgeleenthede geskep by 662 besighede wat teen Maart 2020 by die program aangesluit het. Daar was ook vordering, wat aan die IBA toegeskryf word, wat in 2014 in werking getree het. Die IBA het 'n positiewe impak op die getalle jeugdige in poste, gesteun deur 645 973 jeugposte teen Maart 2017. Dit is 'n belowende beleidsinisiatief wat tot voordeel van jeugindiensneming gebruik kan word. Die IBA moet 'n hoër profiel by werkgewers kry om deelname deur jong mense te bevorder. Hierdie programme vereis egter M&E vir opskaling en deurlopendheid.

Die jeug het positiewe sentimente uitgespreek oor die vooruitsigte van 'n hersiene kurrikulum met die oog op nuwe loopbane en die groeiende konsensus dat onderwys en vaardighedsontwikkeling die jeug se aspirasies moet ondersteun om by te dra tot samelewingsdoelwitte en voordeel te trek uit geleenthede wat deur die verskillende sektore van die ekonomie gebied word. Produksiesektore, insluitende vervaardiging, mynbou en oseaanekonomie, en staatsbeheerde entiteite het nie

jeugontwikkelingsplanne nie en die privaat sektor moet aangemoedig word om aan die IBA deel te neem: “... more should be done to educate business on the tax incentive. We must have a ‘list’ of courses that colleges must offer – this will ensure that training is not focussed on courses that are not relevant anymore to young people.”

Die Nywerheidontwikkelingskorporasie en die Kleinsakefinansieringsagentskap het saam R2,7 miljard toegewys om ondernemings in jeugbesit te finansier. Die NYDA steun ook ’n verskeidenheid ondernemings en koöperasies in jeugbesit. Baie ondernemings in jeugbesit trek voordeel uit verkryging en ondernemingontwikkelingsprogramme van die staat en die privaat sektor. Maatreëls van die openbare sektor, soos investering in infrastruktuur, bevorder jeugindiensneming in konstruksie. Besteding uit die vaardigheidsontwikkelingsheffing gaan na verwagting oor die medium termyn met 3,6% per jaar toeneem. SETA’s sal fondse vir vaardighedsprogramme, leerderskappe, internskappe en vakleerlingskappe en werkplekondervinding verskaf. Die syfers is egter minder as die Jeugakkoord-teiken van 5% van die totale diensstaat, en absorpsie in permanente diens is nog swakkerig. Jong gewese oortreders ondervind steeds die dubbele uitdaging van algemene werkloosheid en kriminele rekords as gevolg van hulle skuldigbevinding. Hulle ontvang ontoereikende steun om in die arbeidsmark opgeneem te word, en dit lei dikwels tot herhalende oortredings; dit ondermyn die rehabilitasiepogings van die Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste.

Volgens die 25-jaar-hersiening was daar wat entrepreneurskap betref, ’n toename in ondernemings in jeugbesit, van 595 000 in 2015 tot 641 000 in 2016.³ In die geheel het ondernemings in jeugbesit met 7,7% toegeneem, en Gauteng was verantwoordelik vir nagenoeg ’n kwart (26%) van alle jeugondernemings in Suid-Afrika. Duidelike groei in ouderdomverspreiding van kleinsakeondernemings is ook merkbaar in die ouderdomsgroepe 20-24 (15,9%) en 30-34 (7,6%). Laastens, wat grond betref, toon statistieke dat 4 903 030 hektaar tussen April 1994 en Maart 2018 herverdeel is deur die Grondherverdelingsprogram en dat daar 306 610 bevoorreedes was, van wie 35 615 (net meer as 10%) jeugdige en 775 mense met gestremdhede was.

Daar was verskeie ingrepe gemik op verbetering van die gesondheid en welstand van jeugdige, insluitende die volgende wetgewing, beleide, inisiatiewe en mediaveldtogte: (i) die Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008 (Wet No. 70 van 2008); (ii) die Wet op die Beheer van Tabakprodukte, 1993 (Wet No. 83 van 1993), en die regulasies daarkragtig uitgevaardig; (iii) die instelling van fasiliteitsdienste deur die National Adolescent Friendly Clinic Initiative (NAFCI) in 1999 en adolessent- en jeugvriendelike dienstebenadering; (iv) die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996); (v) die instelling van skoolgesondheidsdienste deur die Geïntegreerde Skoolgesondheidsbeleid (ISHP); (vi) kinderonderhoudstoelaes; (vii) die She Conquers-veldtog; (viii) nasionale massamediaveldtogte soos “Soul City”, “Love Life” en “Khomanani”; (ix) die Nasionale Dwelmeesterplan 2013-2017; (x) die ‘Ke Moja’ (I’m fine with drugs)-veldtog; (xi) die Nasionale Adolessent- en Jeuggesondheidsbeleid 2016-220; en (xii) Thuthuzela-sorgsentrums.

Beleide wat op adolessente en jeugdige fokus, is ontwikkel met klem op innoverende, jeuggerigte programme en tegnologieë om (i) die geestesgesondheid en welstand van adolessente en jeugdige te bevorder, (ii) geweld en middelmisbruik te voorkom, (iii) omvattende, geïntegreerde seksuele en reproduksiesondheidsdienste te verskaf, (iv) jong mense te toets en te behandel vir MIV en TB, en (v) pasiënte in gesondheidsorgdienste te hou deur beter nakoming van behandeling te steun en sodoende gesonde voeding te bevorder en obesiteit te verminder en adolessente en jeugdige te bemagtig om betrokke te raak by beleid en programmering oor jeuggesondheid. Die gesondheidssektor se B’WISE Mobisite, wat in 2017 bekend gestel is, is ’n sosialemediaplatform wat inligting oor ’n verskeidenheid gesondheidskwessies aan jong mense verskaf. Die webwerf is interaktief, wat jong mense in staat stel om navraag te doen oor gesondheidskwessies en dadelik antwoorde te kry. Dit is egter duidelik dat ander veldtogte gemik op gesondheidsverwante probleme soos MIV-infeksies, tienerswangerskappe, seksuele en geslaggebaseerde geweld en dwelmgebruik net beperkte impak gehad het, aangesien baie sosiale uitdagings steeds bestaan en erger word.

Die fokus van maatskaplike samehorigheid en nasiebou is op die skep van eenheid van doel om die hindernisse te oorkom wat voorspoed en billikheid verhinder. Jeugdeelname en burgerskap word hoofsaaklik gekonseptualiseer met gebruik van die neoliberaler idee van die “pligsgetroue” en “verantwoordelike” burger wat betrokke is by tradisionele politiek soos politieke partye, stemmery en ander regeringsaktiwiteite (Makoae *et al.*, 2018). Dit was op hierdie basis dat die regering die NJD-program in vennootskap met organisasies in die burgerlike samelewing gekonseptualiseer en geïmplementeer het. Die doel van die program is om ’n kultuur van diens te kweek en patriotiese burgerskap aan te moedig deur jeugdige by gemeenskapsdiensaktiwiteite te betrek om dienslewering te verbeter, maatskaplike samehorigheid te bevorder en werklose jeugdige te help om werkverwante vaardighede te kry en ook karakter en leierskapvaardighede te ontwikkel. Vir werklose en ongeskoolde jeugdige bied die program ’n geleentheid om die tegniese vaardighede aan te leer wat nodig is vir oorgang na die wêreld van werk, onderwys of besigheid. Tussen 2016/17 en 2018/19 het die program meer as 127 000 jong mense bereik. Om koördinering en hulpbronverskaffing te verbeter en die reikwydte van die NJD te vergroot, is ’n Nasionale Jeugdiensraamwerk ontwikkel en deur die Kabinet goedgekeur.

Ook wat jong mense se deelname aan verkiesings betref, was daar ’n toename in kieserregistrasie in alle jeugouderdomsgroepe

1. Department of Basic Education. 2020. Report on the 2019 National Senior Certificate Examination. Available at: <https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Reports/2019%20NSC%20Examination%20Report.pdf?ver=2020-01-07-155811-230>
 2. <https://www.yes4youth.co.za/> (besoek op 18/03/2020)

in die plaaslikeregeringsverkiezings wat tussen 2006 en 2016 gehou is en die algemene verkiesings wat tussen 2009 en 2014 gehou is. Dit is interessant dat die jongste syfers van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) meer as 500 000 nuwe geregistreerde kiesers toon, van wie meer as 81% jonger as 30 jaar is. Om te verseker dat die jeug leiding neem met die verwesenliking van die grondwetlike visie, is werkboeke en boekies oor die Handves van Verantwoordelikheid, die Afrika-unie (AU) se vlag, die Suid-Afrikaanse vlag en nasionale simbole saamgestel en aan skole verskaf. Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur bly aan die voorpunt van pogings om 'n nasionale identiteit te bou en eenheid te bevorder. Dit bly egter beperkte idees van jeugdeelname aangesien dit nie ander formele en informele ruimtes dek nie, insluitende die digitale platforms waardeur jong mense op hulle burgerskapregte en verantwoordelikhede aanspraak maak.

Jeugontwikkeling is geïnstansionaliseer in ooreenstemming met die NOP se voorsiening van goed beheerde en effektief geëördeneerde staatsinstellings om effektiewe en responsiewe jeugontwikkelingsmasjinerie te verseker. In die jeugsektor is toegewyde instellings wat hoofsaaklik dienste aan jong mense lewer met die oog op holistiese, geïntegreerde en volhoubare ontwikkeling, sedert 1994 ingestel, naamlik die Nasionale Jeugkommissie (NJK) en provinsiale jeugkommissies, die Suid-Afrikaanse Jeugraad (SAJR), wat 'n sambreelligaam is van organisasies in die burgerlike samelewing, die Umsobomvu-jeugfonds (UJF), die Jeugeenheid in die DVJPG, die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NYDA), jeugeenhede/kantore in die drie regeringsfere, en die Presidensiële Jeugwerkgroep (PJWG). Die DVJPG sal verantwoordelik wees vir koördinerende en monitering van die implementering van die NJB 2030.

Die vordering wat deur die gevestigde jeugontwikkelingsinstellings gemaak is, behels ontwikkeling van nasionale en provinsiale jeugbeleide en strategieë, voorspraak, steunwerwing, verskaffing van 'n platform vir jeugdeelname aan ontwikkelingsprosesse, werkskepping, vaardighedsontwikkeling, monitering en evaluering van die implementering van jeugprogramme, en gesamentlike beplanning. Die vernaamste mylpaal was die ontwikkeling van die Nasionale Jeugbeleide 2009-2014 en 2015-2020, wat aan belanghebbendes in jeugontwikkeling leiding gegee het oor beleidsprioriteite in die sektor. Laastens maak die M&E-raamwerk wat ontwikkel is om te let op vordering met die implementering van beleid, voorsiening vir 'n stel metings wat gebruik word om te bepaal of jeugontwikkelingsaktiwiteite die gewenste resultate behaal en of dit behoorlike sinchronisering met beleidsimplementering vereis.

5. KNAENDE UITDAGINGS WAT JONG MENSE RAAK

As gevolg van historiese en huidige psigososiale en sosio-ekonomiese faktore wat die meeste gesinne in Suid-Afrika raak, het baie jeugdige te doen met 'n magdom uitdagings wat teruggevoer kan word na apartheidgekoppelde intergenerasietrauma, knaende sistemiese ongelykhede, armoede, seksisme en diskriminasie. Hierdie ongelykhede het 'n domino-effek omdat elke faktor tot die volgende lei. Byvoorbeeld, ouers se armoede en stres lei tot ontoereikende voeding en swak toegang tot vroeë kinderontwikkeling en sorg by die huis, wat lei tot swak kognitiewe en gedragresultate vir kinders, wat prestasie op skool beïnvloed en tot hoë uitsakkoerse op skool kan lei. Kinders wat op skool uitsak, kan nie by tersiêre instellings inskryf nie en baie het nie die motivering om by gemeenskapsonderwys-en-opleidingskolleges (GOO's) in te skryf nie, wat lei tot swak vooruitsigte vir indiensneming. Jeugdige met gestremdhede kry te doen met meer institusionele versperrings vir onderwys en werkgeleentheid dwarsdeur hulle lewe.

5.1 Hoë uitsakkoerse en lae oorgang van skool na werk

Die vernaamste bydraer tot armoede, ongelykheid en werkloosheid onder die jeug in Suid-Afrika is die lae vlakke van onderwysbereiking en vaardighede. Amptelike staatstatistieke toon dat uitsakkoerse van leerders toeneem van Graad 9 af en in Grade 10 en 11 op byna 12% staan.⁴

Die persentasie individue van 20 jaar en jonger wat geen onderwys het nie, het van 11,4% in 2002 tot 4,5% in 2018 afgeneem, terwyl diegene met ten minste 'n Graad 12-kwalifikasie oor dieselfde tydperk van 30,5% tot 45,2% toegeneem het. Bykans twee derdes (66,4%) van hierdie studente was swart Afrikane, 22,3% was wit, 6,7% was gekleurde en 4,7% was Indiërs of Asiate. Swart jeugdige in die besonder word benadeel in die laevaardigheidsektore, nie net as gevolg van 'n gebrek aan die nodige vaardighede en swak onderwys nie, maar ook omdat hulle nie sosiale kapitaal het wat hulle met vakante poste kan verbind nie.

Stygende vlakke van deelname aan skoolonderwys word dikwels ongedaan gemaak deur die swak gehalte van onderwys en 'n wanverhouding tussen vraag en aanbod in die arbeidsmark. Die vaardigheidspyleiding is besaai met hindernisse wat billike toegang tot geleentheid in die arbeidsmark ondermyn. Geletterdheids- en gesyferdheidsvaardighede op laerskoolvlak is heelwat laer as die internasionale gemiddelde. Lae deelname- en slaagkoerse vir wiskunde en wetenskap op Graad 12-vlak belemmer groei in hoër onderwys, veral in ingenieurswese, wetenskap en innovasie.

Nagenoeg 52% van 24-jariges in die land het Graad 12 voltooi. Resultate van swak gehalte in laerskole lei egter tot swak deelname op ander skoolvlakke. Groot getalle leerders sak op sekondêre onderwysvlak uit sonder om 'n NSS of Graad 12, 'n

3. <https://www.dpme.gov.za/news/SiteAssets/Pages/25-Year-Review-Launch/Towards%20A%2025%20Year%20Review.pdf>

Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-sertifikaat of 'n Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV)-sertifikaat te behaal. Sowat 60% van Suid-Afrika se jeug verlaat skool voor matriek (Graad 12) of druipt die matriekexamens en is dus sonder enige erkende opvoedkundige kwalifikasie.⁵ Oor tyd behaal net 'n klein persentasie jong mense Graad 12 en doen nasekondêre onderwys en opleiding om intermediêre en professionele vaardighede te verwerf. In 2011 het net 31% jong mense matriek behaal.

'n Veelvakkige benadering is nodig om basiese onderwys te versterk, uitsakkoerse te verlaag en vaardigheidsvoorsiening vir studente te verhoog. Een van die voorstelle wat jong mense ingedien het, was dat meer Suid-Afrikaners in hulle eerste taal moet leer, want navorsing toon dat leerders gemakliker is en beter presteer as hulle onderrig word in 'n taal waarmee hulle meer vertrouwd is; dit sluit gebaretaal in vir jong mense met gehoorgestremdhede. Die benadering moet ook lewensvatbare bane skep vir skoolverlaters om toegang tot naskoolse leergeleenthede te kry en beter voltooiingskoerse in vaardigheidsopleiding te verseker, terwyl dit die gebrek aan vaardighede en werkondervinding onder naskoolse jeugdige en ander kwesbare jeugdige in 'n risikosituasie die hoof bied. Uiteenlopende geleenthede vir vaardigheidsopleiding en finansiële steun vir jong mense met lae leervermoëns en uit lae- en middelinkomstehuishoudings is nodig. Ondersteuning is nodig vir skole om onderwys van hoë gehalte te lewer in 'n konteks wat bevorderlik is vir leer en onderrig.

Die debat oor die Algemene Onderwysertifikaat (AOS), wat 'n formele erkenning van die voltooiing van Graad 9 sal wees, is uiters belangrik. Jeugdige moet as belanghebbendes betrek word om die moontlike impak van die sertifikaat te bepaal, en hoe dit leerders potensieel kan aanmoedig om skool vroeër as gewoonlik te verlaat.

Die volgende inset uit openbare voorleggings oor die NJB onderstreep die persepsie van 'n belangrike kwessie deur verskeie belanghebbendes:

“A great challenge associated with the demographic dividend (youth bulge) is that the number of young people entering the job market (e.g. 790 000 youth who wrote exams in 2019) continues to greatly outstrip the number of opportunities being created by the public and private sectors. This suggests that government should be considering interventions that reach hundreds of thousands rather than thousands or tens of thousands of youth.” (Voorlegging deur 'n organisasie in die burgerlike samelewing)

5.2 Lae vaardigheidsvlakke en vaardigheidswanverhouding

In Suid-Afrika lei die voltooiing van enige naskoolse kwalifikasie tot aansienlik beter vooruitsigte van arbeidsmarkdeelname, ekonomiese insluiting en vermindering van armoede, terwyl intermediêre vaardighede inkomste-ongelykhede verminder. Net 'n klein persentasie van diegene wat die skoolstelsel verlaat, skryf in by tegniese en beroepsonderwys en opleiding (TBOO)-kolleges of het toegang tot enige naskoolse opleiding. Hoewel deelnamekoerse by VOO-instellings aansienlik gestyg het, is dit steeds ontoereikend in getalle en gehalte om in die ekonomie se behoefte aan intermediêre vaardighede te voorsien. In 2018 was daar net 780 000 Suid-Afrikaners by TBOO-kolleges ingeskryf, en teen 2030 moet beleidsingrepe die getalle by VOO-instellings verhoog.

Swak deurset in hoër onderwys benadeel die lewering van geskoolde werkers op hoë vlak. Toegang tot naskoolse onderwys en opleiding is beperk vir skoolverlaters, en diegene wat hierdie geleenthede benut, is dikwels nie voldoende voorbereid vir die werkplek nie as gevolg van die swak onderwys en opleiding wat verskaf word. Die uitdaging vir naskoolse onderwys is om maniere te kry om die talle skoolverlaters by te staan wat nie vir direkte toegang tot hoër onderwys of vir indiensneming kwalifiseer om vaardighede te verwerf nie. Hierdie groot getalle jong mense wat die onderwysstelsel te vroeg verlaat, het geen professionele of tegniese vaardighede nie, wat hulle in effek ondiensneembaar maak; gevolglik het ongeveer 60% van werklose jeugdige jonger as 35 jaar nog nooit gewerk nie. Sonder 'n geteikende ingryping sal hulle van die ekonomie uitgesluit bly.

Hoewel die idee en praktyk van jeugontwikkeling ingewortel is in die Suid-Afrikaanse diskoers oor menslike ontwikkeling, is daar min bekend oor jeugdige met gestremdhede en hoe hulle die oorgang van kinderjare na volwassenheid hanteer. Individue met gestremdhede het van hulle kinderjare af nie gelyke toegang tot onderwys nie en het dus 'n agterstand met vaardigheidsontwikkeling. Die Gemeenskapsopname van 2016 het bevind dat 7,7% van Suid-Afrika se bevolking die een of ander vorm van gestremdheid het, en die voorkoms van gestremdheid is die laagste onder jong mense (tussen 2,6% en 3,4% in die verskillende jeugouderdomsgroepe). Die nasionale voorkoms van gestremdheid het dus effens gestyg van 7,5% in 2011 tot 7,7% in 2016. Die beleid vir kinders met gestremdhede is die mandaat van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Dit blyk egter dat hulle deur die krake val wanneer hulle die jeugstadium bereik. Suid-Afrika het nie 'n wet oor gestremdheid nie, en jeugdige met gestremdhede kry met diskriminasie te doen en het moontlik nie toegang tot basiese onderwys nie. Party van die gestremdhede, insluitende leergestremdhede, word kultureel verkeerd verstaan, wat meebring dat sommige jeugdige tot hulle huise beperk is en nie ten volle aan die sosiale lewe deelneem nie soos om onderwysfasiliteite by te woon, te speel en onafhanklike en aktiewe werksoekers te wees.

Jeugdige het kwelling geopper oor die uitsluiting van jeugdige met gestremdhede in die meeste ontwikkelingsprogramme en -aktiwiteite. Hulle het gesê: *“Persons with disabilities are not catered for in schools and universities;”* en daar is ’n behoefte om *“design programmes that involve youth with disabilities”* asook om te *“ensuring that they are included in all youth development and transformation programmes and opportunities”*.

5.3 Endemiese en strukturele jeugwerkloosheid asook lae entrepreneursbelangstelling

Werkloosheid, veral onder die jeug, is deur die 6de Administrasie tot ’n nasionale krisis verklaar, en die hoë koers van jeugwerkloosheid word verklaar deur na sowel vraag as aanbod te kyk. Hoë vlakke van werkloosheid onder die jeug lei dikwels tot ’n groter gevoel van uitsluiting en frustrasie, met negatiewe gevolge vir liggaamlike en geestesgesondheid, wat ’n bese kringloop skep (De Lannoy, Graham, Patel & Leibbrandt, 2018). Om wesenlike en volhoubare verandering teweeg te bring, moet die land maniere kry om die intergenerasie-oordrag van armoede te verbreek. Om jonk te wees is een van die belangrike stadiums van die lewe waar toereikende ondersteuning hierdie kritieke verskille kan veroorsaak. Konsekwente politieke wil is nodig om jeugwerkloosheid deur ekonomiese en ander hervormings te verminder ten einde positiewe resultate op kort, medium en lang termyn te verseker.

Volgens die resultate van die QLFS vir die tweede kwartaal van 2020 wat deur Statistieke SA bekend gemaak is, het die amptelike werkloosheidskoers op 23,3% gestaan, wat ’n verbetering was vergeleke met K1. Dit was egter grootliks as gevolg van die definisie van werkloosheid. Jeugwerkloosheid bly oor die algemeen hardnekkig hoog. Die werkloosheidskoers vir jeugdige van 25 tot 34 jaar was meer as dubbel so hoog as dié van die ouderdomsgroep 45 tot 54 (37,3% vs 17,5%) in K1 van 2020. Gedurende dieselfde tydperk was die werkloosheidskoers onder jeugdige tussen 15 en 24 jaar bykans 60%. Jeugwerkloosheid in Suid-Afrika neem krisisafmetings aan en bly een van die groot uitdagings vir die land. Hoewel jeugwerkloosheid nie ’n uniek Suid-Afrikaanse probleem is nie, is die jeug in Suid-Afrikaanse kwesbaarder as in die res van die wêreld.⁶ Volgens ’n verslag deur die Spectator Index is SA se jeugwerkloosheidskoers die hoogste ter wêreld. Baie jeugdige het al jare van verwerping ondervind in hulle soeke na werk, en dit lei tot intense emosionele en geestelike trauma.

Die meeste jong mense is ontmoedig deur die arbeidsmark en verbeter ook nie hulle vaardighede deur onderwys en opleiding nie. Gevolglik is hulle nie in diens, onderwys of opleiding nie (NDOO). Die persentasie jong mense tussen die ouderdomme 15 en 24 jaar wat in NDOO was, was 34,1% in K1 van 2020. Dit is nagenoeg 3,5 miljoen jong mense tussen 15 en 24 jaar. Voorts is daar ’n kommerwekkende geslagsdinamika in die NDOO-koers, wat hoër is vir jong vroue as vir jong mans. Vergeleke met K4 van 2019 het die persentasie jong mense van tussen 15 en 24 jaar wat NDOO was, effens gestyg met 1,1%, van 38,9% tot 41,7% in K1 van 2020.⁷ Algemeen gesproke is die hoogste werkloosheidskoers onder diegene van 20 tot 24 jaar wat die aanvanklike oorgang van onderwys na die arbeidsmark maak, jong vroue meer as jong mans, asook swart en gekleurde jeugdige, wat meer as wit en Indiër jong mense geraak word.⁸

Jeugdige met gestremdhede ding mee vir dieselfde werkgeleenthede as jeugdige sonder gestremdhede en daar is geen afdwingbare meganisme om implementering van die kwotastelsel met betrekking tot aangewese groepe af te dwing nie soos beoog deur die Employment Equity Act, 1998 (Wet No 55 van 1998). Werkgeleenthede word gewoonlik in die hoofstroommedia geadverteer en maak nie vir diegene met visuele of gehoorgestremdhede voorsiening nie. Omdat gestremdheid nie in die hoofstroom is nie in werkplekke, insluitende die openbare sektor, kan sommige jong mense met visuele, fisiese en gehoorgestremdhede nie vir beskikbare werkgeleenthede meeding nie. Baie werkgeleenthede vereis ’n getikte curriculum vitae (CV) sonder inagneming van diegene wat nie hulle hande kan gebruik om te tik nie. Die implementering van maatreëls wat jeugdige met gestremdhede in staat stel om onafhanklik te lewe en ten volle aan alle aspekte van die lewe deel te neem, moet geprioritiseer word.

Die volgende faktore dra by tot jong mense se lae deelname aan die hoofstroomekonomie in Suid-Afrika:

- (a) Die SA ekonomie beleef sedert 2014 ’n ekonomiese verlansaming, met jaarlikse ekonomiese groei koerse wat onder 2% bly. Hierdie verlansaming kan in groot mate toegeskryf word aan die einde van die kommoditeitsopbloei in 2011, die verlansaming in openbare besteding en investering asook bewerings van korrupsie in belangrike staatsinstellings, wat beleggersvertroue steeds negatief beïnvloed. Die onlangse afgradering van SA se ekonomie deur kredietgraderingsagentskappe maak die prentjie nog donkerder.
- (b) Vordering met ekonomiese ontwikkeling word belemmer deur swak implementering van ekonomiese beleid, swak prestasie van statutêre agentskappe wat ingestel is om sosio-ekonomiese ontwikkeling te bespoedig, en ’n gebrek aan samehang en koördinerende van die bestaande beleidsraamwerk. Byvoorbeeld, die makro-ekonomiese raamwerk ondersteun nie volgehoue groei en werkskepping nie. Ander uitdagings is dat staatskuld steeds toeneem en dat spaarkeuse deur sowel die privaat as die openbare sektor verskriklik laag bly, wat groei aan bande lê.
- (c) Die snelle tempo van tegnologiese vooruitgang het ’n negatiewe impak op indiensneming, veral in die produksiesektore

5. Branson, N., De Lannoy, A., & Kahn, A. 2019. *Exploring the transitions and well-being of young people who leave school before completing secondary education in South Africa*. NIDS Discussion Paper 2019/11. Cape Town: National Income Dynamics Study, University of Cape Town.

van die Suid-Afrikaanse ekonomie, as gevolg van meganisering en outomatisering. Die huidige golf van die 4IR bied 'n geleentheid en 'n uitdaging omdat dit die potensiaal het om bykans elke bedryf te ontwig deur grootskaalse outomatisering, wat verstellings aan arbeidsmarkstrukture vereis. Talle jong mense het nie die vaardighede wat by die struktuur van die arbeidsmark pas nie, wat meer tegnologiegedrewe en afhanklik van hoë vaardighede word. Werkloosheid onder die jeug benadeel ook vaardigheidsontwikkeling wat nodig is om ekonomiese groei vol te hou.

Volgens Statistieke SA val die meeste van Suid-Afrika se jeug dikwels in een van drie kategorieë: onopgevoed, werkloos en onindiensneembaar.⁹ Selfs jong mense met meer jare skoolonderwys het 'n kleiner kans om in diens geneem te word as volwassenes as gevolg van 'n gebrek aan toepaslike werkervaring. Jong mense met 'n tersiêre kwalifikasie het 'n beduidend beter kans om werk te kry, mits hulle opvoeding en vaardighede by die vraag in die arbeidsmark pas. Gesien die vlak van maatskaplike investering in basiese onderwys en tersiêre onderwys sal jong Suid-Afrikaners wat die onderwysstelsel sonder vaardighede verlaat en diegene met vaardighede wat nie in groot getalle in die ekonomie en bedrywe benodig word nie, voordeel trek uit geteikende ingrepe wat vroeg ingestel word om vaardigheidsverwerwing in die werksituasie en entrepreneursvaardighede te fasiliteer. Statistieke toon interprovinsiale migrasie van jeugdige tussen 15 en 29 hoofsaaklik na stede in Gauteng en ander provinsies soos KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap vanuit hoofsaaklik landelike gebiede op soek na beter ekonomiese geleenthede, werk en 'n beter lewe. Migrantejeugdige loop die risiko om in die stedelike armoedelokval gevang te word as gevolg van 'n gebrek aan maatskaplike steunstelsels tydens hulle verskuiwing; gevolglik moet daar proaktiewe en veeldoelige ingrepe wees met die oog op spesifieke toestande, risiko's en kwesbaarhede van jong migrante. Jong vroue en meisies het 'n nadeel aangesien hulle die grootste deel uitmaak van slagoffers van mensehandel vir ekonomiese en seksuele uitbuiting.

Die volgende inset uit openbare voorleggings oor die NJB onderstreep die persepsie van 'n belangrike kwessie deur verskeie belanghebbendes:

“Unfortunately, young people and the general SMME fraternity have always struggled to access SEFA [Small Enterprise Finance Agency] funding, due to red tape and bulky requirements, and unprecedented paperwork required which costs so much money to compile. This includes access to accountants to draft financial projections and produce sound and bankable projects. Therefore, the requirements and criteria for applications must be amended.” (Voorlegging deur 'n munisipaliteit, 16 Maart 2020)

Verder het die 4IR implikasies vir die toekoms van werk vir die jeug, onderwysstelsels, werkverskaffing en nywerheidsbeleide. Hoewel daar voorspellings is van groot ontwigting van die tradisionele werkstruktuur en die verouderheid van onderwysstelsels, is daar ruimte vir werkskepping. Gevolglik is daar ook 'n behoefte om die 4IR-vermoëns onder die jeug uit te bou in ooreenstemming met die “Nywerheidsinternet van Dinge” om die voordele van die 4IR te benut. Die volgende inset uit openbare voorleggings oor die NJB onderstreep die persepsie van 'n belangrike kwessie deur verskeie belanghebbendes:

“The advancements and developments classified as the 4IR are taking away jobs and although we support technological and other developments, as youth we can question development that affects us negatively.” (Voorlegging deur 'n nasionale jeugbeweging, 16 Maart 2020)

Dit bied ook nuwe geleenthede. Daar word gesê dat groot data die nuwe goud of nuwe olie is. Data is die vernaamste instaatsteller vir innovasie en die ontwikkeling van doelgemaakte oplossings vir individue en gemeenskappe. Dit word ook uiters belangrik dat dit toeganklik moet wees vir potensiële innovasie, gedeel word en toeganklik gemaak word volgens beginsels van oop toegang.

Die COVID-19-krisis vererger ook die situasie rakende jeugwerkloosheid in Suid-Afrika. Die ekonomie was reeds in 'n negatiewe groeibaan, en die inperking, tesame met kredietafgraderings, sou werkskepping en die volhoubaarheid van veral klein en mikrosakeondernemings aan bande lê. Teen Junie 2020 het baie maatskappye, insluitende staatsbeheerde ondernemings, lugvaart- en konstruksie maatskappye, en vermaak-, ontspanning- en gasvryheidsbedrywe, planne aangekondig om personeel af te lê. In ander gevalle word ondernemings permanent gesluit. Kleinsakeondernemings wie se omset uitgewis is, word nog harder getref.

Dit is belangrik om nie te veronderstel dat jong manlike en vroulike entrepreneurs, of selfs verskillende rasse-groepe, met soortgelyke uitdagings en sterk punte te doen kry nie. In 'n samelewing waar hoofsaaklik swart vroue in groot mate uitgesluit bly deur samelewingsnorme en kulturele en tradisionele norme, moet spesiale pogings aangewend word om verder te gaan en inklusiwiteit te verseker wat dieselfde geleenthede vir jong mans en vroue bied.

5.4 Swak liggaamlike en geestesgesondheidsuitkomst

Gesonde jong mense sal waarskynlik produktief wees en bydra tot die ekonomiese groei van die land. In Suid-Afrika is dit belangrik om aandag te gee aan jong mense se hardnekkige uitdagings rakende gesondheid en welstand, insluitende

6. International Labour Organisation. 2019. Labour Market Access – a persistent challenge for youth around the world. A study based on ILO's global estimates for youth labour market indicators.
 7. Statistics South Africa. 2019. Quarterly Labour Force Survey, Quarter 4: 2019. Available at: <http://www.statssa.gov.za/?p=12948>
 8. Graham, L. & Mlatsheni, C. 2015. Youth unemployment in South Africa: Understanding the challenge and working on solutions. In De Lannoy, A., Swartz, S. Lake, L. & Smith C. (eds) *South African Child Gauge 2015*. Cape Town: Children's Institute.

oordraagbare siektes, seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) en negatiewe seksuele en reproduksiegesondheidsuitkomst, geestesgesondheidsprobleme en funksionele aantasting as gevolg van middel- en dwelmmisbruik, armoede, ontbering en mishandeling, en geweld en beserings. Dit is dikwels so dat middel- en dwelmmisbruik die gevolg van swak geestesgesondheid of trauma kan wees. Een van die belangrike gesondheidskwessies wat dikwels uit die oog verloor word, is pulmonêre tuberkulose (TB), al is dit een van die grootste oordraagbare siektes wat sterftes onder jong mense veroorsaak. Volgens Statistieke SA (2018:40) was tuberkulose in 2016 die grootste oorsaak van dood in die groep 15 tot 24 jaar en was dit verantwoordelik vir 7,0% van sterftes. Dit is gevolg deur die menslike immuuniteitsgebrekvirus (MIV)-siekte (verantwoordelik vir 5,7% van sterftes). Hoewel daar dalende vlakke van tienerswangerskappe saam met hoë MIV-koerse onder tieners in Suid-Afrika is, bly tienerswangerskappe onaanvaarbaar hoog. Volgens die Verenigde Nasies se Vigsagentskap was die aantal nuwe MIV-infeksies onder jong vroue tussen 15 en 24 jaar meer as dubbel dié van jong mans (69 000 nuwe infeksies onder jong vroue, teenoor 25 000 onder jong mans). Vroue het oor die algemeen hoër koerse van MIV as mans.¹⁰ In 2018 was die voorkoms van MIV onder mense tussen 15 en 49 jaar in Suid-Afrika 20,6% (26,3% onder vroue en 14,8% onder mans). Die verskil in MIV-syfers volgens geslag was duideliker onder jong volwassenes van 20 tot 24 jaar, en dit was drie keer hoër onder vroue as onder mans. Die uitbreking van die COVID-19-pandemie stel jong mense met MIV bloot aan 'n ongekende siektelas.

Assesserings van die huidige stand van die liggaamlike, sielkundige en geestelike welstand van jeugdige toon dat daar oormatige misbruik van afhanklikheidsvormende stowwe is, naamlik dwelms, alkohol en tabak, en alkohol is die stof wat die meeste misbruik word in Suid-Afrika. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het 'n Nasionale Dwelmeesterplan bekend gestel, asook nasionale veldtogte soos 'Ke Moja' om die misbruik van afhanklikheidsvormende stowwe te voorkom en te verminder, maar hierdie ingrepe het net beperkte impak. Die Dwelmeesterplan 2019-2024 wat deur die Kabinet goedgekeur is, belowe radikale verandering en beter koördinerende om die misbruik van middels en dwelms deur jeugdige te bekamp. Die probleem van onvoldoende behandelingsfasiliteite, met net 10 operasionele openbare behandelingsentrums landwyd, dui daarop dat adolessente betrokke by middelmisbruik onbehandel bly en kan oorgaan tot volwassenheid met langtermyn- en onomkeerbare gevolge van middelmisbruik. Daar is ook swak implementering van die Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008, veral met betrekking tot die bepaling om ongeregisteerde behandelingsfasiliteite vir middelmisbruik te bekamp. Die Wet word gewysig om voorkoming en vroeë ingryping te bevorder. Voorts is dit moeilik om die impak van ingrepe te kwantifiseer omrede 'n gebrek aan monitering en evaluering wat op ouderdomsgebaseerde data berus. Daar is aanduidings van nuwe en opkomende uitdagings soos die gebruik van nuwe onwettige dwelms, meer kuberafknouery en seksuele uitbuiting deur aanlyn daders as gevolg van 'n toename in aanlyn aktiwiteit deur die jeug. Implementering sal van belanghebbendes soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Sentrale Dwelmeowerheid, die Departement van Gesondheid, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en nasionale en provinsiale drankrade vereis om te investeer in openbare gesondheidsgerigte, regtegebaseerde en nadeelverminderingprogramme, met die oog op die talle strukturele drywers van blootstelling aan en risiko van alkohol- en dwelmgebruik, en om lesse te leer uit bestaande ingrepe, insluitende dié wat ingevolge die nasionale COVID-19-reaksie ingestel is.

Middelmisbruik veroorsaak risiko's vir jong mense se gesondheid en kan lei tot maatskaplike euwels soos geweld, misdaad en gesinsverbrokkeling met jong mense as slagoffers en plegers van geweld. Baie jong mense ondervind geweld van hulle kinderjare tot in adolessensie in die vorm van negatiewe ervarings as kinders, wat hulle in verskeie opsigte raak. Negatiewe ervarings in die kinderjare lei dikwels tot gewelddadige gedrag later in die lewe, en hierdie geweld het 'n negatiewe impak op die samelewing. Dit manifesteer as jeuggeweld (fisiese bakleiery, aansluiting by bendes en seksueel dwingende gedrag). GGG en vrouemoord is 'n groeiende uitdaging wat jong vroue in die besonder raak. Volgens die Minister van Polisie in Maart 2020 was die aangemelde gevalle van GGG 37% hoër as in 2019.¹¹

Die toenemende GGG en middelmisbruik word deur die COVID-19-situasie vererger. Terwyl die land inperkingsmaatreëls ingestel het om die verspreiding van die virus te bekamp, is skole gesluit en is inkomstegenererende aktiwiteite en noodsaaklike dienste ontstig. Dit het vroue en meisies blootgestel aan uitbuiting, verkragting en geweld deur intieme maats. Daar kan ook hoë vlakke van gewone geestesgesondheidsiektes soos depressie, angs en lae vlakke van selfagting wees, maar dit word oor die algemeen swak verstaan en hulp is nie geredelik beskikbaar nie. In 2019 het die Wêreldgesondheidsorganisasie hoë vlakke van selfmoord (insluitende selfmoordgedagtes en gepoogde selfmoord) van 12,8 per 100 000 in 2016 aangemeld, met Suid-Afrikaanse mans wat 'n groter risiko van selfmoord loop as vroue.¹²

Hawelose jeugdige, dikwels ook "straatkinders" genoem, is ook 'n toenemende kwelling wat verband hou met huisomgewings wat nie kinderwelstand steun nie. Dit is opmerklik dat hierdie verskynsel meer in die stede voorkom as in landelike gebiede waar sosiale norme van gemeenskap en ubuntu nog grotendeels geld. Die persentasies hawelose jeugdige is hoër in stedelike gebiede aangesien jong mense op soek na geleenthede na stede migreer sonder familienetwerke om hulle te steun. Studies oor haweloosheid toon 'n merkwaardig hoë voorkoms van negatiewe ondervindings tydens die kinderjare, veral geskiedenis van nie tuis grootword nie of weglou van die huis.¹³ Een manier om hierdie kwessie te hanteer, is om sulke hawelose jeugdige bymekaar te bring en hulle te probeer rehabiliteer en kapasiteer. Die beleidsraamwerk gee aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die mandaat om die implementering van tersaaklike intersektorale protokolle te ontwikkel en te fasiliteer rakende armoedevermindering, gesinsversterking, kinderbeskerming en jeugontwikkeling, om te verseker dat

9. <http://www.statssa.gov.za/?p=12362>

programme vir voorkoming en vroeë ingryping dwarsoor sektore toegepas word.¹⁴ Verskeie groepe kwesbare jong mense soos diegene sonder toereikende behuising (die huisloses en inwoners van informele nedersettings) moet geteiken word met sifting, toetsing en behandeling gedurende pandemies.

5.5 Onbenutte kulturele en kreatiewe bedrywe

Sport en kulturele aktiwiteite kan gesonde, aktiewe burgers skep, 'n gevoel van nasionale trots kweek en sodoende bydra tot maatskaplike samehorigheid en sosio-ekonomiese verandering. Hierdie sektore het die potensiaal om tot ekonomiese groei in Suid-Afrika by te dra en hulle is besonder aantreklik vir die Suid-Afrikaanse jeug. Dit is nodig om te fokus op die verkryging van die maksimum voordeel uit bestaande en beplande programme en inisiatiewe vir sport, ontspanning, en kuns en kultuur. Hierdie sektore het die potensiaal om vaardighede te ontwikkel en te laat groei, werk- en entrepreneurskapgeleenthede te verskaf en by te dra tot nasiebou onder jong mense. Die sport- en kreatiewe sektore moet op massadeelname fokus en die behoeftes van die jeug teiken, veral in onderwys en vaardighedsontwikkeling, die skep van werkgeleenthede en die bevordering van gesondheidsuitkomstede dwarsoor die land. Die rol van kultuur, erfenisontwikkeling en bevordering in maatskaplike samehorigheid en kreatiewe bedrywe word in die beleidsprioriteitsareas uiteengesit.

Die COVID-19-pandemie het baie uitdagings vir kunstenaars en die hele kreatiewe bedryf sigbaar gemaak. Baie van hulle het nie werkplekkontrakte, werkloosheidondersteuning, pensioene en ander steunstelsels nie. Proaktiewe reaksies op pandemies en wetlike instrumente moet daargestel word om kunstenaars by te staan en uitbuiting te voorkom.

5.6 Verswakking van maatskaplike kern en aktiewe burgers

Jong mense in Suid-Afrika ontwikkel 'n identiteit in 'n komplekse milieu wat insluit die oorblyfsels van geïnstusionaliseerde diskriminasie en ongelykheid aan die een kant en die nademokratiese samelewing waarin daar van hulle verwag word om burgerskapregte uit te oefen aan die ander kant. Volgens Statistieke SA se Governance, Public Safety and Justice Survey 2018/19 is net meer as agt uit elke tien mense trots of baie trots om Suid-Afrikaans te wees en is byna die helfte van die bevolking baie trots om Suid-Afrikaans te wees (Statistieke SA, 2019). Die publiek erken klaarblyklik die belangrikheid van 'n aantal belangrike demokratiese beginsels, insluitende vrye en billike verkiesings, die reg van samekoms en betoging, beraadslagende demokrasie, verantwoordbaarheid aan kiesers, vryheid van uitdrukking, en politieke verdraagsaamheid. Vrye en regverdigde verkiesings bly die demokratiese ideaal wat die hoogste aangeslaan word. Jong mense voel egter uitgesluit, hoofsaaklik as gevolg van hoë werkloosheidskoerse en hulle onvermoë om ekonomies deel te neem. Die Governance, Public Safety and Justice-opname toon dat nagenoeg 13% van die Suid-Afrikaanse bevolking in die twee jaar voor die opname diskriminasie beleef het.¹⁵ Rassediskriminasie is deur die meeste ondervind, naamlik 6,8%, en diskriminasie op grond van seksuele georiënteerdheid is die minste ondervind (0,1%). Dit is belangrik om daarop te let dat die persentasie hoër kan wees in bepaalde geografiese gebiede vergeleke met die nasionale syfers. Jeuggerigte en jeugdientende staatsinstellings en organisasies in die burgerlike samelewing moet tot maatskaplike samehorigheid bydra deur die nasionale aksieplan vir die bekamping van rassisme, rassediskriminasie, xenofobie en verbandhoudende onverdraagsaamheid in hulle programme te integreer vir implementering. Jong mense toon oor die algemeen baie lae vlakke van vertroue in die regering en dienste wat deur die regering gelewer word.

Om bogenoemde uitdagings die hoof te bied, is daar 'n behoefte aan 'n omvattende jeugspesifieke beleid wat die diversiteit van die jeug erken; fokus op verbetering van die onderwysstelsel; die vaardighede en ekonomiese geleenthede vergroot, insluitende werk- en entrepreneursgeleenthede vir jong mense; die jeug beskerm wat kwesbaar is, insluitende diegene met gestremdhede en nie in onderwys, diens en opleiding nie; gesonde lewenstyle bevorder wat obesiteit, oordraagbare en nie-oordraagbare siektes en geestesgesondheidsprobleme voorkom; en toegang verseker tot seksuele en reproduksiegesondheidsinligting en dienste wat nie volgens geslag diskrimineer nie. Die NJB 2030 sal ook 'n bloudruk bied vir staatsentiteite, die burgerlike samelewing, die privaat sektor en die jeug in hulle jeugontwikkelingspogings, insluitende die versterking van maatskaplike samehorigheid, morele regenerering en integrasie in die samelewing.

Burgers se vertroue in verskeie instellings wat tot verantwoordbaarheid, deursigtigheid, deelname aan 'n demokrasie en toegang tot geregtigheid bydra, bly 'n belangrike element van 'n demokratiese samelewing waarin lede regeringsbeleide ondersteun en bydra tot die uitbou van hulle land, insluitende deur vrywillige optrede. Terwyl openbare vertroue in nasionale regerings wêreldwyd 'n groeiende verskynsel is, is dit sorgwekkend dat in Suid-Afrika vertroue in die politieke stelsel ook steeds afneem. Dit kan verband hou met sowel werklike as vermeende mislukkings van die staat, insluitende die trae pas om korrupsie in die staat die hoof te bied. 'n Vermeende gebrek aan deursigtigheid en verantwoordbaarheid dra by tot apatie en afsydigheid onder die jeug.

5.7 Ontoereikende hulpbronne vir jeugontwikkeling en swak gekoördineerde dienste

Oorlegpleging met die jeug het talle uitdagings op die gebied van jeugontwikkeling geïdentifiseer. Dit sluit in gapings tussen jeugontwikkelingstrukture, 'n gebrek aan duidelike mandate en 'n gebrek aan onderskeid tussen die politieke en administratiewe dele van jeugontwikkelingswerk. Daar is ook ontoereikende hulpbronnoverskaffing vir jeugontwikkeling, vanuit 'n finansiële en

10. South African National HIV Prevalence, Incidence, Behaviour and Communication Survey, 2018.

11. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-04-09-is-gender-based-violence-not-a-serious-and-violent-crime-minister-cele/#gsc.tab=0>

12. <https://www.businesslive.co.za/bd/national/health/2019-09-09-sa-men-four-times-more-likely-to-commit-suicide-than-women-who-report-finds/>

13. Herman, DB, Susser, ES, Struening, EL & Link, BL. 1997. Adverse childhood experiences: Are they risk factors for adult homelessness? American Journal of Public Health 87(2), 249-55. www.ajph.org/cgi/reprint/87/2/249.

mensehulpbronspektief. Jeugwerk fokus egter hoofsaaklik op bekamping van die siening dat jong mense 'n belemmering vir nasionale vooruitgang is. In hierdie verband fokus jeugwerk op die holistiese ontwikkeling van jong mense deur hulle te ondersteun om in hulle behoeftes te voorsien en hulle potensiaal te verwesenlik ongeag die uitdagings wat hulle in alle ouderdomsgroepe ondervind.

Hoewel jong mense se vermoëns opgebou word deur jeugwerkpraktyk, bly hierdie terrein onbekend en word dit nie erken nie, al word dit gefasiliteer onder die vaandel van doeltreffende en responsiewe jeugontwikkelingsmasjinerie. Jeugwerk word omskryf as aktiwiteite wat doelgerig poog om jong mense te beïnvloed met die doel om hulle persoonlike en sosiale ontwikkeling aan te help en te verbeter deur hulle vrywillige deelname, wat hulle formele, akademiese of beroepsonderwys en opleiding aanvul, en wat hoofsaaklik deur jeugwerkorganisasies verskaf word. Die afwesigheid van 'n wetlike raamwerk vir jeugwerk is ook 'n kritieke gaping in die lig van die talle uitdagings wat jong mense dwarsdeur hulle lewe ondervind op individuele, gesins-, gemeenskaps- en samelewingsvlak. 'n Studie deur Hlagala (2012) bring die opkoms van jeugwerk in verband met reaksies op maatskaplike probleme wat deur komplekse sosiopolitieke omstandighede veroorsaak word. In hierdie verband vereis werker-jeug-verhoudings 'n diep begrip van maatskaplike kontekste en multidisiplinêre benaderings met 'n primêre fokus op die omskakeling van daardie begrip in oplossing van jong mense se maatskaplike probleme.

Dit alles lei tot 'n groot omset, en baie praktisyns met baie ervaring en passie verlaat die praktyk op soek na beter geleenthede. Dit lei tot jeugprobleme wat nie aandag kry nie, soos uitsak op skool, middelgebruik, misdaad en haweloosheid. Jong mense moet vaardighede ontwikkel wat hulle in staat stel om 'n suksesvolle en vervullende oorgang te maak van adolessensie na volwassenheid binne hulle maatskaplike en ekonomiese kontekste en waarvoor bestaande beleids- en institusionele reëlingsvoorsiening maak. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn van 1997 beoog 'n ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynstelsel van die staat waarin verskeie maatskaplikeontwikkelingswerkers, insluitende jeugwerkers, 'n verskeidenheid dienste op verskillende vlakke van ingryping implementeer om maatskaplike probleme wat pogings tot ekonomiese ontwikkelingsgerigte kan dwarsboom, die hoof te bied.¹⁶ In Suid-Afrika het die proses van professionalisering van jeugwerk in die laat 1980's begin, en jeugwerk is in die NJB 2015-2020 opgeneem as 'n integrale element van benaderings tot positiewe jeugontwikkeling.

6. BELEIDSPRIORITEITSAREAS

6.1 GEHALTEONDERWYS, VAARDIGHEDE EN TWEDE KANSE

Investering in menslike hulpbronne is die belangrikste enkele investering wat enige land kan maak. Geen land het 'n suksesvolle oorgang van "ontwikkende" na "ontwikkelde" sonder 'n opgevoede bevolking gemaak nie (NOP, 2012). Onderwys moet jong mense in staat stel om vermoëns te bou en hulle potensiaal te verwesenlik. Die NOP bepaal dat Suid-Afrika se onderwysvisie is dat Suid-Afrikaners teen 2030 toegang moet hê tot onderwys en opleiding van die hoogste moontlike gehalte wat deur beduidend verbeterde leeruitkomstes behaal word. Die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in internasionale gestandaardiseerde toetse moet vergelykbaar wees met dié van leerders van lande met 'n soortgelyke vlak van ontwikkeling. Die onderwysstelsel moet voorsiening maak vir verskillende groepe en moet hoogs vaardige individue oplewer met die oog op die eise van die arbeidsmark.

Die gegradueerdes van Suid-Afrika se universiteite en kolleges moet die vaardighede en kennis hê om die huidige en toekomstige behoeftes van die land die hoof te bied, asook internasionale ekonomiese tendense, insluitende verskuiwings in die arbeidsmark as gevolg van die 4IR. Sodanige vaardighede moet werkmaggereedheid en sagte, tegniese en entrepreneuriese vaardighede insluit. Die onderwysstelsel sal 'n groter rol speel om 'n inklusiewe samelewing te bou, met verskaffing van gelyke geleenthede en bystand aan alle jong Suid-Afrikaners om hulle volle potensiaal te verwesenlik, in die besonder diegene wat voorheen benadeel is deur apartheidsbeleide, d.i. swart mense, vroue en mense met gestremdhede. Teikens vir hierdie visie sluit in 'n TBOO-sektor wat ongeveer 25% van die ouderdomsverwante jeug insluit, wat 'n toename van 705 397 in 2016 (DHET, 2018) tot 2,5 miljoen jong Suid-Afrikaners teen 2030 impliseer. Innames van hoër onderwys en verdere onderwys verbeter.

Suid-Afrika benodig 'n vaardige arbeidsmag om ekonomiese groei te verbeter. Hierdie vaardighede sluit in ingenieurs, gesondheidsberoepslui in verskillende beroepsklasse om gesondheidsorg van gehalte te verskaf, navorsers en innoveerders om 'n kritieke rol te speel in die skep van nuwe produkte, en nuwe werkgeleenthede en nuwe maniere om bestaande produkte goedkoop en doeltreffender te produseer, insluitende die lewering van openbare dienste. 'n Grondslag in onderwys en opleiding is 'n beduidende beskermende faktor teen negatiewe uitkomstes en is noodsaaklik vir jong mense om ekonomiese bemagtiging te verkry. Jong mense, ongeag hulle omstandighede, moet ondersteun word om onderwys en vaardighede van gehalte te kry ten einde in die wêreldekonomie sukses te behaal.

Om hierdie oogmerke te verwesenlik, moet die sektore vroeë kinderontwikkeling en -onderwys, basiese onderwys, naskoolse onderwys en opleiding billikheid verbeter betreffende toegang tot en gehalte van onderwys- en opleidingsuitkomstes, en ook saamwerk met die sektore maatskaplike ontwikkeling en justisie om doeltreffende tweedekansprogramme te verskaf vir jeugdiges in 'n risikosituasie. Alle staatsdepartemente, insluitende munisipaliteite, moet leerderskap- en internskapprogramme hê, wat gemonitor moet word vir getalle, inklusiwiteit en gehalte. Die oorgang van leer na verdien moet glad wees, sodat die demografiese dividend deur die land verkry kan word.

14. Mokomane, Z. & Makoa, M. 2015. An overview of programmes offered by shelters for street children in South Africa. *Child & Family Social Work*. <https://doi.org/10.1111/cfs.12251>
15. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0340/P03402019.pdf>

Voorgestelde ingrepe

6.1.1 Verseker universele toegang tot gehalteprogramme vir vroeë kinderontwikkeling en vroeë leerprogramme vir almal

- (a) Herstel, intensiveer en monitor die verskaffing van verpligte toegang tot vroeë kinderontwikkeling (VKO)-leer.
- (b) Verbeter gehalte stelselmatig in alle openbare skole om die gaping tussen openbare en privaat skole te oorbrug.
- (c) Verskaf die hulpbronne en ondersteuning vir leerders met gestremdhede om aan alle elemente van skoollewe en leer deel te neem.
- (d) Begin met gebaretaal en braille in die onderwysstelsel vir almal, beginnende op VKO-vlak.

6.1.2 Ontwikkel veilige leeromgewings

- (a) Verseker geweldvrye, veilige leer- en bevorderlike ruimtes vir leerders.
- (b) Stel 'n skoolveiligheidsprogram in om te verseker dat onderrig en leer nie deur enige vorm van bedreiging of geweld belemmer word nie.
- (c) Die departemente van Basiese Onderwys en van Hoër Onderwys en Opleiding moet nou met die SAPD en die burgerlike samelewing saamwerk om saam met studenteiers skoolaktiwiteite teen geweld te implementeer, insluitende geslagsgebaseerde geweld.

6.1.3 Ontwikkel onderwysers en hersien kurrikulum om probleemoplossing, indiensneembaarheid, entrepreneurskap en aanpassing by die 4IR te bevorder

- (a) Vermy vinnige veranderinge aan die kurrikulum op basiese onderwysvlak.
- (b) Hersien die onderwysstelsel en die eksamenraamwerk om 'n kurrikulum in te sluit wat aan internasionale standaarde voldoen, 4IR insluit en praktiese nut het om tot die land se ekonomiese behoeftes by te dra.
- (c) Lei onderwysers op in moderne, tegnologiegebaseerde onderrigmetodes.
- (d) Lok, werf en behou jong mense vir die onderwysprofessie.
- (e) Pas aan by die 4IR-era deur toegang tot breëband en Wi-Fi te verbeter vir internetkonnektiwiteit om die onderrig van rekenaargeletterdheid en die gebruik van die internet moontlik te maak, insluitende afgeleë landelike skole, huise en gemeenskappe.
- (f) Benut die voordele van die hommeltuigbedryf as een van die instaatstellers van die kreatiewe bedrywe om werkgeleenthede vir die jeug te skep.
- (g) Pas elke tegnologie wat die land ingebring word aan by die Suid-Afrikaanse omgewing om die beskikbare vaardighede in die land verder te verbeter.
- (h) Ondersteun en koester 'n kultuur wat waarde heg aan innovasie, proefneming en entrepreneuriese denke om jong mense te help om aktiewe deelnemers en leiers in die digitale ekonomie te word.
- (i) Implementeer en intensiveer vaardigheidsopleiding vir jong mense op die gebiede van die 4IR, soos omgekeerde ontwikkeling van slim motors, 3D-drukwerk, kunsmatige intelligensie, robotika, outonome voertuie, nanotegnologie, biotegnologie, groot data, die internet van dinge, kwantumberekening, virtuele netwerk van keuse, virtuele uitsaaidienste, en visuele media en netwerk, soos deur die bedryf vereis.
- (j) Bring praktiese vakke progressief in, soos entrepreneurskap en e-handel, landbou, rekenaarwerk, finansiële verhandeling en investering, groen ekonomie, tegniese vaardighede en handwerk (vakmanskap) in die hele onderwyswaardeketting.
- (k) Alle Suid-Afrikaanse leerders moet geskiedenis, kreatiewe en kritiese dinkvaardighede, probleemoplosvaardighede, kodering en robotika, lewensvaardighede, kommunikasie en inheemse tale leer.
- (l) Skole in landelike gebiede moet plaaslike landbougrond gebruik vir praktiese of eksperimentele leer in die landbouwaardeketting, met plaaslike boere wat as mentors optree.
- (m) TBOO en Gemeenskapsonderwys en Opleiding (EOO)-kolleges moet meer beroepsprogramme aanbied in ooreenstemming met, onder meer, die Kontinentale Strategie vir Tegniese en Beroepsonderwys en Opleiding om Indiensneming van Jeugdige te Bevorder (African Union, 2018). Die verskaffing van hierdie vaardighede moet responsief wees vir bedryfsvereistes en ontwikkelingsbehoefte van die land.

- (n) Die jeug moet 'n kritieke rol in 4IR en die sirkel ekonomie speel en moet ook ambassadeursrolle in alle regeringsfere speel.

6.1.4 Implementeer interdisziplinêre vroeë ingrypingsprogramme vir gesonde ontwikkeling van jong mense

- (a) Die DBO moet ingrepe op skaal soos portuuronderwys en programme vir Sorg en Ondersteuning vir Onderrig en Leer (SOOL) om leerders met psigososiale behoeftes by te staan, insluitende veilige en geskikte vervoerfasiliteite vir landelike skole en leerders met gestremdhede.
- (b) Naskoolprogramme, insluitende kursusse in sertifisering vir oorspronklike toerustingvervaardiging (OEM) wat reeds in die hoofstroom van die ekonomie is, moet aangebied word. Dit kan soortgelyk aan Microsoft-programme wees wat vroeg in vennootskap met die privaat sektor ingestel kan word.
- (c) Die departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, van Basiese Onderwys en van Sport, Kuns en Kultuur moet, in vennootskap met die burgerlike samelewing en geloofgebaseerde organisasies, vroeë ingrypingsprogramme vir kinders en jeugdige ontwerp en implementeer om 'n gevoel van selfagting, regte en verantwoordelikhede te koester en selfrespek te kweek.
- (d) Volgehoue nasorgprogramme wat akademiese prestasie verbeter en maatskaplike euwels die hoof bied, kan deur jeugontwikkelingspraktisyns gelewer word deur maatskaplike ondernemings. Aktiwiteite kan insluit tutorskap, mentorskap, lewensvaardighede- en leierskapprogramme, loopbaanvoorligting en ekspo's, kuns, sport en rekreasie.
- (e) Onderwys en opleiding in entrepreneurskap moet in skole ingestel en bevorder word om die ontwikkeling van 'n breër samelewingskultuur en ekosisteem van entrepreneurskap te help fasiliteer.

6.1.5 Bied tweede kans om voltooiing en herbetrokkenheid by opvoedkundige instellings te fasiliteer

- (a) Die DBO, in vennootskap met privaat verskaffers en die burgerlike samelewing (veral jeuggeleide organisasies) moet leerders ondersteun wat 'n tweede kans nodig het om matriek te slaag. Matriekherskryfprojekte moet ondersteun en bekend gemaak word sodat jong mense in alle gemeenskappe daarvan bewus is dat hulle kwalifikasies kan behaal deur gemeenskapkolleges en sentrums vir onderwys en opleiding vir volwassenes.
- (b) Die departemente van Hoër Onderwys en Opleiding en van Wetenskap en Innovasie moet aan jong mense wat instellings vir verdere onderwys verlaat het as gevolg van nie-akademiese redes, die geleentheid bied om hulle onderwys te voltooi sodat hulle in die oop arbeidsmark kan meeding.
- (c) Alle jong mense moet toegang hê tot verskeie roetes wat veelvuldige uittreepunte ondersteun vir tegniese opleiding, ondernemingsontwikkeling en verdere onderwys. Die betrokke belanghebbendes (DBO en DHOO) moet 'n beleid ontwikkel om duidelike skakeling tussen skole, sentrums vir onderwys en opleiding vir volwassenes, gemeenskapkolleges, TBOO-kolleges, universiteite en ander verskaffers van onderwys en opleiding te verseker. Dit sal voorsiening maak vir verskillende, nietradisionele maar geakkrediteerde bane om opleiding te kry.
- (d) Jong mense, veral jong meisies, moet gementor word om die WTIV-vakke (wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde) te volg met 'n omgewingsfokus.
- (e) Die DBO moet 'n aanlyn nulkoers-platform instel wat geskik is vir matriek tweede kans, en vir leerders wat TBOO en privaat onderwys nie kan bekostig of nie toegang daartoe het nie. So 'n platform kan aanlyn onderwys op hoërskoolvlak normaliseer en kan 'n groter reikwydte hê vir afgeleë gemeenskappe.

6.1.6 Verskaf deurlopende loopbaanvoorligting vir tegniese, tegnologiegebaseerde en produksiesektore van die ekonomie

- (a) Die departemente van Basiese Onderwys, van Indiensneming en Arbeid, van Hoër Onderwys en Opleiding en van Wetenskap en Innovasie en die NYDA moet verseker dat alle leerders toegang kry tot loopbaaninligting van gehalte en toereikende beroepsvoorligting. Loopbaanuitstallings moet inligting verskaf oor opleidingsgeleenthede, veral vir vaardighede wat in die produksiesektore van die ekonomie nodig is (landbou, skeppende kunste, IKT, entrepreneurskap, vervaardiging, toerisme), en skakels met die veranderende werkmark moet gekarteer word.
- (b) Beroepsvoorligting moet vroeg begin en gestremdhede in die hoofstroom plaas sodat jong mense die regte vakkeuses kan maak met die oog op hulle gekose loopbane.
- (c) Alle internetdiensverskaffers moet gratis daaglikse toekennings en nulkoers opvoedkundige webwerwe verskaf vir verdienstelike jeugdige as 'n dringende maatreeël om jong mense te help om geleenthede vir leer en vordering te benut.

6.1.7 Verhoog geleentede vir naskoolse vaardigheidsopleiding van gehalte vir almal

- (a) In elke onderwysdistrik moet daar 'n TBOO-hoërskool en TBOO-inligtingsbesoeke wees om hierdie instellings te bevorder.
- (b) Na 'n oudit moet die departemente verantwoordelik vir onderwys landbouskole van uitnemendheid en kolleges in elke provinsie instel en bestaande landboufakulteite versterk.
- (c) Geskikte oorbrugprogramme moet ingestel word vir studente wat by TBOO-kolleges inskryf sonder matriek of wat laerkwintelskole bygewoon het.
- (d) Nuwe, virtueel gereed vaardigheidsontwikkelingsakademies moet ingestel word wat voorsiening maak vir kort en dinamiese vaardigheidsprogramme vir die jeug. Ligging en sosiale klas mag nooit 'n hindernis vir toegang deur jeugdige wees nie.
- (e) Die regering moet die implementering van gratis onderwys progressief uitbrei en die doeltreffendheid en doelmatigheid van die NSFAS verbeter.
- (f) Inligting oor befondsingsgeleentede vir studente van alle gemeenskappe en opvoedkundige instellings moet beskikbaar gestel word deur verskeie mediaplatforms.
- (g) Die departemente van Hoër Onderwys en Opleiding en van Wetenskap en Innovasie moet 'n omvattende plan opstel ten opsigte van historiese skuld, wat 'n uitdaging vir baie studente is.
- (h) Alle naskoolse instellings moet inklusief wees om te verseker dat leerders met gestremdhede se regte op onderwys beskerm word. TBOO-kolleges moet vir mense met gestremdhede toeganklik gemaak word. Onderrig- en leesmateriaal in naskoolse instellings moet voorsiening maak vir gesigs- en gehoorgestremde studente, insluitende biblioteekmateriaal.
- (i) Die DBO moet die implementering van die Witskrif oor Spesiale Onderwysbehoefte versnel ten einde gelyke en volgehoue toegang tot onderwys vir jeugdige met gestremdhede te verseker.
- (j) Daar moet 'n verhouding gebou word tussen kolleges en sakeondernemings om effektiewe oorgang te verseker vir studente wat van 'n leerinstelling na die werkplek beweeg vir werk of voltooiing van kursusse.
- (k) Jong gegradueerdes van TBOO-kolleges en alle ander hoëronderwysinstellings moet ondersteun word om plasing te kry om ervaringsleer op te doen, of internskappe moet op groter skaal deur die staat en die privaat sektor verskaf word.
- (l) Internskapprogramme in die staatsdiens moet uitgebrei word en met behoeftes van die arbeidsmark in ooreenstemming gebring word. Daar moet van staatsdepartemente, provinsies en munisipaliteite vereis word om die internskapprogramme te verbind met hulle strategieë vir die ontwikkeling van menslike hulpbronne en om 'n bygewerkte databasis te skep van 'n talentpoel waaruit gewerf kan word wanneer vakatures beskikbaar is. Munisipaliteite en staatsbeheerde ondernemings of agentskappe moet ook internskappe en nagraadse programme ontwikkel as deel van hulle algemene strategieë vir jeugbemaagtiging.
- (m) Die opleiding van jong mense as ambagsmanne en tegnisi wat nodig is om die ekonomie te laat groei, moet uitgebrei word. Die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsplan (NVOP) 2030 moet geïmplementeer word om te verseker dat die privaat sektor opleiding in die werkplek verskaf.
- (n) Die NVOP moet geïmplementeer word en die vennote se verantwoordbaarheid moet gemoniteer word om groter jeugindiensneembaarheid te verseker en om ekonomiese produktiwiteit te verbeter.

6.2 EKONOMIESE TRANSFORMASIE, ENTREPRENEURSKAP EN WERKSKEPPING

Werkloosheid onder die jeug was hoog nog voor die COVID-19 pandemie. Die 2020 K1 BBP-data en die Kwartaallike Arbeidsmagopname vir dieselfde tydperk toon dat die pandemie die werkloosheidskrisis verder vererger het. Die President van Suid-Afrika het in Junie 2020 geskryf "daar wag moeilike tye. Daar is nie kitsoplossings nie en ons moet realisties wees oor ons vooruitsigte, veral oor die tyd wat dit sal neem vir ons ekonomie om te herstel." Die maatreëls wat hier onder voorgestel word, is bedoel om te verseker dat jeugontwikkeling 'n beleidsprioriteit is terwyl die land na afloop van die koronaviruspandemie begin herstel op grond van beginsels van gelykheid en geregtigheid.

Alle jong mense verdien toegang tot behoorlike werk. Teen die agtergrond van ernstige ekonomiese ontbering as gevolg van ekonomiese stagnasie die afgelope dekade en verergering daarvan deur die pandemie, was pogings onsuksesvol om die historiese strukturele ongelykhede, werkloosheid en armoede, veral onder die jeug, die hoof te bied. In aansluiting by wat die President gesê het, naamlik "Ons is vasbeslote om ons ekonomie nie net te herstel tot waar dit voor die koronavirus was nie, maar om 'n nuwe ekonomie in 'n nuwe globale werlikheid te skep," steun hierdie beleid ekonomiese hervorming om 'n meer inklusiewe makro-ekonomiese rigting te verseker. Alle maatreëls om die ekonomie te laat herleef, moet die jeug in

die middelpunt plaas, insluitende die grootskaalse infrastruktuurveldtog wat op grootskaalse werkskepping gemik is. Jong mense is gereed en in staat om deel te neem aan die voorgestelde katalitiese infrastruktuurprojekte in water, vervoer, energie, digitale infrastruktuur, menslike nedersettings, en landbou, wat konseptuele projekbestuur, verskaffing en arbeid betref. Elke jong persoon moet geleenthede benut wat hulle kanse verbeter om sinvolle werk te kry. Die beleid doen ook 'n beroep op privaatsektorvennote om werkinisiatiewe te skep om die chroniese jeugwerkloosheid in die land die hoof te help bied. Die laaste twee fases van Suid-Afrika se Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan is gemik op die bou van 'n volhoubare, veerkragtige en inklusiewe ekonomie deur heropbou- en transformasiemaatreëls.

Voorgestelde ingrepe

6.2.1 Implementeer die Presidensiële Jeugwerkinisiatief en Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan

Skep 'n nasionale baanbestuursnetwerk om vir werksoekers toegang te bied tot 'n basiese pakket van ondersteuning en werkgereedheidsopleiding om hulle beter toe te rus vir ekonomiese geleenthede.

- (b) Rus jong mense toe met vaardighede in die vernaamste groeisektore om geleenthede te benut soos die groen, afval- en voedslekeonomieë en bepleit die ontwikkeling van 'n inhaalstrategie vir diegene wat agtergelaat is omdat hulle in die skoolstelsel uitgesak het.
- (c) Stel innoverende maniere in om jong entrepreneurs te help op 'n manier wat voorrang verleen aan die verwydering van versperrings en ruimte skep om sakeondernemings te help floreer deur data bekostigbaar te maak en sektore te teiken wat ryp is vir innovasie.
- (d) Die NYDA en die Departement van Kleinsakeontwikkeling moet in die volgende drie jaar toelaebefondsing en sakesteun vir 100 000 jong entrepreneurs implementeer.
- (e) Verskaf praktiese ondervinding vir jong mense deur die JID uit te brei, wat 'n sakegeleide vennootskap met die regering en arbeid is om jong mense te help om werkondervinding op te doen om in die werkmark te vorder.
- (f) Implementeer die Presidensiële Jeugdiesprogram (PJDP) om die NJD-program uit te brei en bevorder werkgeleenthede vir jong mense wat bereid is om aan hulle gemeenskappe terug te gee, insluitende in die maatskaplike en sorgsektor. Die PJDP moet dien as brug tot toekomstige toetrede tot onderwys, werk of nuwe ondernemings.
- (g) Skep sinvolle werkgeleenthede van gehalte vir die jeug sodat hulle in die middelpunt van alle werkskeppingsingrepe staan.
- (h) Raak ontslae van die vereiste van ondervinding vir toetreevlakposte sodat die jeug die arbeidsmark kan betree en ondervinding in die werk opdoen.

6.2.2 Stel 'n basiese universele inkomstetoelae in vir werklose jeugdiges

- (a) Steun jong mense en jong ontmoedigde werksoekers se pogings om tot die arbeidsmark toe te tree deur 'n basiese universele inkomstetoelae in te stel – 'n aansporing soortgelyk aan die COVID-19 Maatskaplike Noodverligtingstoelae, hoofsaaklik om jeugdige te help om die oorgang na diens of entrepreneurskap te maak.

6.2.3 Implementeer kwotas vir jeugdige in alle sektore

- (a) Implementeer en monitor 30%-kwotas vir indiensneming van jeugdige in geteikende geprioritiseerde sektore met hoë absorpsiepotensiaal, soos landbou, vervaardiging, toerisme, oseaanekonomie, kreatiewe ekonomie, groen ekonomie en afvalekonomie. Aansporing vir 50%-deelname van jong vroue en 7%-deelname van jeugdige met gestremdhede in hierdie sektore.
- (b) Indiensneming van jeugdige en jeugentrepreneurskap moet uitgelig word as belangrike prioriteite met jeugkwotas by openbare indiensneming en verkryging op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsvlak.
- (c) Die regering moet staatsverkryging gebruik en 'n minimum vereiste van 30%-jeugkwota implementeer en monitor vir subkontraktering aan "vrygestelde mikro-ondernemings" (VMO's) as deel van die raamwerk vir voorkeurverkryging ten einde die ontwikkeling van ondernemings in jeugbesit te bevorder. Alle nasionale en provinsiale departemente asook munisipaliteite moet gereeld verslag doen oor die persentasie van hulle verkryging wat aan ondernemings in jeugbesit toegeken of gesubkontrakteer is.
- (d) Monitor die implementering van Suid-Afrika se arbeidswette, wat bepaal dat Suid-Afrikaners voorkeur moet kry vir werkgeleenthede. Praktike in sektore wat hierdie wette oortree, moet dus hanteer word deur vervolging van werkgewers wat ongedokumenteerde buitelandse burgers onwettig in diens neem.

6.2.4 Implementeer beter openbare indiensnemingskemas wat sinvolle werkgeleenthede vir die jeug verskaf (massawerkverskaffingstrategie)

- (a) Verhoog jeugdeelname aan openbare indiensnemingskemas, insluitende die Uitgebreide Program van Openbare Werke, die Gemeenskapswerkprogram, infrastruktuurinstandhouding en die Program vir Instandhouding en Opgradering van Landelike Paaie, tot meer as 50%. Die meeste geleenthede moet aan jong mense gaan (insluitende NDOO, jong vroue en jeugdige met gestremdhede) en hierdie jeugdige moet gemobiliseer word om gemeenskappe te help, terwyl hulle inkomste verdien en waardevolle werkondervinding opdoen.
- (b) Verbeter samewerking tussen die privaat sektor en die openbare sektor asook burgerlike organisasies vir grootskaalse werkskepping.

6.2.5 Betrek die jeug by grondhervorming, landelike ontwikkeling en landbouwaardeketting

- (a) Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling moet die situasie van kleinskaalse en kommersiële boere verbeter deur uitbreiding van besproeiingslandbou, voorligtingsbeamptes aan te stel, boerdery-implemente te subsidieer en die jeug te help om gebiede te identifiseer wat arbeidsintensief is en hoë potensiaal en markskakels het, soos gedroogde druiwe, pekanneute en oliesade.
- (b) Gebruik 'n jeugsentriese benadering tot landelike ontwikkeling om jong mense te ondersteun, insluitende jong agro-entrepreneurs wat aan die landbouwaardeketting deelneem, deur verskaffing van toegang tot grond, en finansiële en maatskaplike infrastruktuur.
- (c) Lok, werf en behou jong mense om loopbane in die landbousektor-waardeketting te volg (bv as gewaskundige, bestuurders van lewende hawe, landbou-ingenieurs, landboutegnoloë, veeartsenykundige, veeartse en veteriniere tegnici), insluitende die verskaffing van beurse (om plaaslik en oorsee te studeer) en verskaffing van ondersteuning vir hulle sakepogings of plasing in internskappe of werk na kwalifisering.
- (d) Mobiliseer die privaat sektor om die regering se befondsing aan te vul ter ondersteuning van grondverkryging hoofsaaklik vir landboudoeleindes. Jong landbou-entrepreneurs moet ook ondersteun word en met gevestigde boere verbind word vir mentorskap.
- (e) Koppel jong boere met 'n program van vaardigheidsoordrag van boer tot boer en landbouvoorligting en maak seker hulle opleiding is in vennootskap met die bedryf.

6.2.6 Ondersteun township- en landelike ekonomieë vir ekonomiese transformasie, werkskepping en indiensneming in hoë-absorpsiekapasiteit

- (a) Die Departement van Indiensneming en Arbeid, saam met betrokke belanghebbendes, moet 'n Geïntegreerde Omvattende Jeugindiensnemingstrategie ontwikkel.
- (b) Die Departement van Indiensneming en Arbeid, saam met sakeondernemings, moet werkgeleenthede beskerm wat kwesbaar is as gevolg van die 4IR.
- (c) Dataligte werkgereedheidskursusse moet uitgebrei word en toeganklik per selfoon gemaak word. Datapryse oor die algemeen in Suid-Afrika moet daal, en inligtingtegnologie-infrastruktuur moet uitgebrei word om die landelik–stedelike gaping te oorbrug wat toegang tot virtuele geleenthede betref. Alle jeugdige moet toegang tot Wi-Fi in hulle huise hê.
- (d) Die landelike en township-ekonomie moet gesteun word deur inklusiewe markte te skep in geleentheidsgebiede soos die voedsleonomie, die groen ekonomie, gesondheid en onderwys. Die staat (deur openbare verkryging) en groot sakeondernemings het hierin 'n belangrike rol te speel.
- (e) Die staat, deur die Departement van Minerale hulpbronne en Energie, moet direkte voordeel uit die land se natuurlike hulpbronne verseker. Die beplande instelling van 'n soewereine welvaartfonds soos deur die Minister van Finansies in die Begrotingsrede in 2020 aangekondig, word gesteun.
- (f) Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur in samewerking van die departemente in die ekonomiese sektor moet strategieë ontwikkel en versterk vir jeugdeelname aan die kreatiewe bedrywe, toerisme en sport en ontspanning. Dit kan gebou word op bestaande strategieë soos die Mzansi Goue Ekonomie.
- (g) Die Nasionale Tesourie, die NYDA en die Departement van Indiensneming en Arbeid moet verseker dat die Indiensnemingsbelastingaansporing (IBA)-inisiatief nie beginners en ondernemings in jeugbesit uitsluit tot voordeel van groter gevestigde ondernemings nie.
- (h) Bevorder universele toegang deur kulturele, fisiese, maatskaplike en ander versperrings te verwyder wat mense met

gestremdhede verhinder om toegang tot, gebruik of voordele uit die verskillende stelsels van die samelewing te kry wat vir ander burgers beskikbaar is, aangesien dit die enigste manier is hoe mense met gestremdhede gelyke geleentheid en voordele kan geniet en by die hoofstroomsamelewing kan aansluit. Dit is die sleutel tot die uitoefening van burgerlike, politieke, ekonomiese, maatskaplike, godsdienstige en kulturele regte in die samelewing.

- (i) Bevorder universele toegang by die ontwerp van produkte, omgewings, programme en dienste deur alle persone in die grootste moontlike mate sonder dat daar aanpassing of gespesialiseerde ontwerp moet wees, insluitende hulptoestelle en tegnologieë vir bepaalde groepe persone met gestremdhede waar dit nodig is. Die volgende bykomende ingrepe is nodig om te verseker dat jeugdiges met gestremdhede nie uitgesluit word nie:
 - (i) Die openbare uitsaaier moet 'n TV-kanaal vir dowes hê, waardeur werk vir persone met gestremdhede geskep kan word.
 - (ii) Dit moet verpligtend wees dat alle geboue, insluitende gesondheids- en onderwysfasiliteite en plekke, rystoelopritte moet hê.
 - (iii) Gebaretaal moet by alle openbare kennisgewings ingesluit word.
 - (iv) Openbare rehabilitasiesentrums moet ingestel word vir verskaffing van psigososiale ondersteuning vir diegene wat met gestremdhede gebore is en hulle gesinne.
 - (v) Werkgewers moet in aanmerking neem dat nie almal hulle CV's kan tik nie en moet ook voorsiening maak vir diegene wat MP3's kan oplaai en hulle CV's in klankopnames kan verstrek.

6.2.7 Ontwikkel en steun sakeondernemings en koöperasies in jeugbesit (aansporing van entrepreneurskap)

- (a) Die Departement van Kleinsakeontwikkeling moet 'n gekonsolideerde kwartaallike verslag oor ondersteunde ondernemings in jeugbesit opstel en 'n volhoubaarheidsbarometer vir jeugondernemings skep om vordering aan te teken. Dit is belangrik vir die jeug om bewustheid te verhoog van beskikbare steundienste/stelsels wat deur die staat of die privaat sektor gelewer word. Dit sluit onder meer in die verskaffing van sakeontwikkelingsteun, staatskontrakte en finansiële steun.
- (b) Tersaaklike instellings en departemente moet toegang tot saaifinansiering en finansiering vir die vroeë groeistadium verskaf aan jong mense wat hulle eie ondernemings begin en uitbrei. Daar is 'n behoefte aan 'n oorgangsaan vir mikrosakeondernemings in die vroeë stadium met 'n kombinasie van aanpasbare finansiële produkte wat ontwerp is om jong mense in staat te stel om te ontwikkel tot 'n stadium waar hulle maklik toegang tot sakefinansiering kan kry om hulle ondernemings uit te brei.
- (c) Skep en steun ondernemings in besit van jeugdige en vroue in die sektore wat deur vroue oorheers word, soos skoonheidsorg, maatskaplike dienste, toerisme, primêre landbou, voedsel en kleinhandel.
- (d) Alle ekonomiese sektore en bedrywe moet meer doen om deelname van swart mense, jeugdige en vroue te verbeter, en om ondernemings in jeugbesit te steun deur verkryging en ondernemingsontwikkeling. Waar toepaslik, moet veredeling toegepas word as 'n instrument om toekomstige nyweraars te skep.
- (e) Die Departement van Kleinsakeontwikkeling moet formalisering in die mikrosakesektor fasiliteer deur die uitdagings vir jong entrepreneurs die hoof te bied.
- (f) Belastingverligting vir jeugbeginnerondernemings moet verken word as 'n manier om hulle volhoubaarheid te verbeter.
- (g) Beroepsvoorligtingsprogramme moet insluit die ontwikkeling en bevordering van ondernemings en koöperasies deur suksesvolle entrepreneurs om massa-aanlokking en motivering vir jeugdige te verseker. Dit moet deur die volgende aangevul word:
 - (i) Bring jeugondernemings in kontak met befondsingsgeleentheid wat die staat en die privaat sektor verskaf deur die opnamekoers te versnel van die fondse wat ingestel is om jeugondernemings en koöperasies te steun.
 - (ii) Volg 'n sektorale benadering om jong entrepreneurs in kontak te bring met geleentheid in verskillende sektore van die ekonomie en verskeie programme, soos die infrastruktuurprogram en algemene openbare verkryging. Spesiale aandag moet aan jeugdige in landelike gebiede gegee word, en sektorgebaseerde inkubators moet verken en ontwikkel word. Ondersteuning vir netwerke vir jong entrepreneurs en sake-inkubators moet verbeter word.
 - (iii) Kataliseer markskakels om die vraag na produkte wat deur jong entrepreneurs gelewer word, te verhoog. In hierdie verband moet 'n strategie oor die gebruik van openbare en privaat verkryging om ondernemings in jeugbesit te steun, ontwikkel word. Die Departement van Openbare Ondernemings moet pogings koördineer en geleentheid oopstel vir ondernemingsontwikkeling vir jong mense in staatsbeheerde ondernemings.

- (iv) Kapasiteit moet vir die jeug gebou word met vaardighede en bekwaamhede soos herkenning van geleenthede, sakebeplanning en bedryf van loodsondernemings, insluitende sagte vaardighede soos 'n sin vir inisiatief en kreatiwiteit.
- (h) Jong gewese oortreders, wat te doen kry met die dubbele uitdaging van algemene werkloosheid en kriminele rekords as gevolg van hulle skuldigbevinding, moet gesteun word deur hulle in gemeenskappe te herintegreer en hulle absorpsie in die arbeidsmark te fasiliteer om sodoende herhaling van oortreding te voorkom en rehabilitasiepogings te bevorder.
- (i) Die staat moet die universele gebruik van kodes, toepassings en tegnologie bevorder wat deur Suid-Afrikaanse jong mense gebou en besit word, en hierdie entrepreneurs moet voorsien word van finansiële steun en beskerming teen die negatiewe gevolge van die internasionale markte.
- (j) Waar toegang tot besigheidsinfrastruktuur 'n belemmering is, moet plaaslike regerings sakesteun verleen deur fasilitering van infrastruktuursteunmaatreëls.
- (k) Bevorder strategiese lokalisering, herindustrialisering, uitvoerbevordering en integrasie van ondernemings in jeugbesit in die ekonomieë van die Afrika-vasteland.

6.3 BEVORDERING VAN LIGGAAMLIKE EN GEESTESGESONDHEID

Om te verseker dat Suid-Afrika die gesondheidsdoelwitte vir die bevolking bereik, moet jong mense ondersteun word met inligting, vaardighede en dienste wat hulle help om oordraagbare en nie-oordraagbare siektes te voorkom, insluitende pandemies, asook geestesgesondheidsversteurings. Gesondheid moet holisties beskou word, met inbegrip van emosionele en geestelike komponente. Om pandemies die hoof te bied en daadwerklik by te dra tot pogings om die verspreiding van virusse te verminder en die impak daarvan te versag, moet jong Suid-Afrikaners 'n sigbare deel van die oplossing wees.

Met betrekking tot geestesgesondheid in die besonder moet Suid-Afrika die SDG Teiken 3.5 nastreef: “versterk voorkoming en behandeling van middelmisbruik (aanwysers: dekking van behandelingsingrepe vir middelgebruikversteurings; skadelike gebruik van alkohol en hantering van ingrepe vir adolessente en jeugdige sal die las van swak gesondheid verlig)”. Inligting oor die gevolge van middelmisbruik moet deur gepaste diensverskaffers beskikbaar gestel word. Kinders en adolessente word deur verskeie stressors geraak, insluitende die gevolge van MIV vir die gesin, middelmisbruik en dwelmmisbruik deur ouers, gesinsgeweld en kindermishandeling en -verwaarlosing, armoede en gesinsverbrokeking, swak portuurverhoudings en akademiese druk wat jong mense blootstel aan geestesiekte in die loop van die lewe. Pandemieverwante werkverliese, ondernemingsluiting en verlies van geliefdes gaan na verwagting lei tot bykomende emosionele stressors vir talle jeugdige. Tydens die oorgang na volwassenheid kan probleme soos akademiese mislukking, alkoholgebruik, voertuigongelukke, interpersoonlike geweld, diskriminasie en werkloosheid 'n negatiewe uitwerking op selfagting hê en jong mense se lewensgehalte verlaag. Stigma belemmer baie dikwels die gebruik van beskikbare geestesgesondheids- en ondersteuningshulpbronne deur jong mense.

Die Nasionale Strategiese Plan teen Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (NSP) (2020-2030) is ontwikkel deur 'n konsultatiewe proses met verskeie belanghebbendes waarby jong mense betrek is. Die NSP bied hernude multisektorale pogings deur die staat en die burgerlike samelewing om 'n Suid-Afrika te verwesenlik wat vry van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord (GGGV) is. Dit erken alle geweld teen vroue (ongeag ouderdom, ligging, gestremdheid, seksuele georiënteerdheid, seksuele en genderidentiteit, nasionaliteit en ander eienskappe) en kinders. Die NSP bied 'n programraamwerk wat jeugverwante ingrepe sal lei vir dringende reaksies op slagoffers en oorlewendes van GGG, breër toegang tot geregtigheid vir oorlewendes, verandering van sosiale norme en gedrag deur veldtogte vir bewustheidverhoging en voorkoming op hoë vlak, versterking van bestaande argitektuur wat responsief is vir GGGV en die bevordering van verantwoordbaarheid, en die skep van meer ekonomiese geleenthede vir jong vroue wat kwesbaar vir mishandeling is as gevolg van armoede (DVJPG, 2020).

Die 4IR bring vooruitsigte vir nuwe sakegeleenthede en sorgleweringmodelle wat die lewering van liggaamlike en geestesgesondheidsorg kan verbeter, gesteun deur digitale tegnologieë wat bekostigbare, toeganklike gesondheidsorg van hoë gehalte vir almal kan verbeter. Byvoorbeeld, mobiele tegnologie het 'n platform geword om mediese data en dienslewering te verbeter. Die opsporing van siektes en farmaseutiese produksie het ook feitlik onmiddellik voordeel getrek uit digitalisering. Verskeie organisasies en instellings wat met die jeug te doen het, moet sifting, verwysing en monitering vir geestesgesondheid by hulle programme insluit.

Laastens, die Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) is goed op pad om geïmplementeer te word. Dit is 'n gesondheidsfinansieringstelsel wat bedoel is om fondse te poel om toegang te verleen tot persoonlike gesondheidsdienste van gehalte vir alle Suid-Afrikaners gebaseer op hulle gesondheidsbehoefte, ongeag hulle sosio-ekonomiese status. Die beleid bepleit die insluiting van jeugdige nie net as bevoorreedes van die stelsel nie maar as volwaardige bydraers tot die ontwerp en toepassing daarvan. Die NGV-befondsingsmodel sal uitvoering gee aan die drie vernaamste beginsels van die NGV: universele verskaffing van gesondheidsorg van gehalte, maatskaplike solidariteit deur kruissubsidiëring, en billikheid.

Voorgestelde ingrepe

6.3.1 Ondersteun gesonde lewenstyle deur bevordering van liggaamlike en geestesgesondheid

- (a) Stel verpligte liggaamsopvoeding in by elke skool, universiteit en gevangenis om leefstylsiektes soos diabetes en hoë bloeddruk teen te werk. Verder moet die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en munisipaliteite sorg vir die verskaffing van ontspanningsgeriewe, insluitende gimnasiums en sportfasiliteite in gemeenskappe.
- (b) Openbare en privaat skole asook instellings van hoër onderwys moet psigososiale dienste op die terrein hê om uitdagings soos geestesgesondheid, afknouery, geslagsgebaseerde geweld en verkragting die hoof te bied.
- (c) Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling moet die opleiding, werwing, indiensneming en behoud van maatskaplike werkers ondersteun en moet ook by ander departemente daarop aandrang om dieselfde te doen ten einde die verskaffing van psigososiale dienste te verseker om toenemende maatskaplike probleme die hoof te bied.
- (d) Gemeenskaps- en instellinggebaseerde jong beroepslui, soos sielkundiges, maatskaplike werkers, jeugontwikkelingspraktisyns, vroeëkinderejarepraktisyns en gemeenskapsgeestesgesondheidswerkers moet aangewend word om psigososiale ondersteuning te versterk en te intensiveer, insluitende die lewering van gesins- en geestesgesondheidsdienste.
- (e) Die basiese pakket van ondersteuning binne die Presidensiële Jeugingryping moet psigososiale en gesondheidsorgbystand aan jong mense bied.
- (f) Die Departement van Gesondheid moet 'n jeugstruktuur in die NGV instel om te verseker dat die jeug geprioritiseer word en betrek word tydens die implementeringsfase.

6.3.2 Bevorder geestesgesondheid onder die jeug

- (a) Verhoog bewustheid van beradingsdienste vir kinders, adolessente en jeugdige, insluitende jeugdige in benadeelde en landelike gemeenskappe. Dit sluit in geïntegreerde skoolgesondheidsdienste, gemeenskapsgebaseerde geestesgesondheidsdienste deur NRO's, Childline en die Suid-Afrikaanse Depressie-aksiegroep (SADAG).
- (b) Die Departement van Gesondheid moet gemeenskapsgebaseerde geestesgesondheidsinstellings vestig vir die lewering van hierdie dienste, wat name gegee moet word wat nie stigma vir die pasiënte sal meebring nie.
- (c) Toegewyde vertroulike 24/7 tolvry diensnommers moet ingestel word, toeganklik vir jeugdige wat beradingsdienste verlang. Geselsdienste met lekeberaders, jeugwerkers, sielkundige, geestesgesondheidsterapeute of professionele beraders op platforms soos WhatsApp of Messenger is nuttig en kan aan 'n geografiese inligtingstelsel (GIS) gekoppel word om die ligging van die gebruiker te bepaal en onmiddellik te reageer in gevalle waar 'n persoon selfmoordgedagtes het of ander geestesgesondheidsuitdagings ondervind. Sulke dienste is tydens die inperking vir die pandemie wyd geadverteer en moet ná die pandemie uitgebrei en geïmplementeer word.
- (d) Alle rolspelers moet die geestesgesondheidskwessie breed benader met die oog op openbare gesondheid en aandag gee aan die grondoorake van uitdagings waarmee die jeug te doen kry, soos hoë vlakke van geslagsgebaseerde geweld, dwelmmisbruik, selfmoord, misdad, ervarings van rassisme of ander diskriminasie, en die psige van werklose jong mense. Programme en dienste moet uitgebrei word om ouers en voogde van geïmpakteerde kinders en jeugdige te ondersteun.

6.3.3 Bekamp middelmisbruik onder die jeug

- (a) Implementeer die Nasionale Dwelmeesterplan ten volle.
- (b) Die Suid-Afrikaanse Polisie moet die beskikbaarheid van onwettige dwelms verminder, insluitende die verhoging van die ouderdom vir wettige gebruik van alkohol tot 21.
- (c) Die Departement van Gesondheid moet protokolle en praktyke ontwikkel en implementeer vir geïntegreerde diagnose en behandeling van middelafhanklikheid en gepaardgaande versteurings.
- (d) Wette en beleide wat doeltreffende beheer oor alkohol- en dwelmverskaffingskettings fasiliteer, moet geharmonieer en toegepas word.
- (e) Alkohol moet nie naby skole en ander fasiliteite wat deur jong mense besoek word, verkoop word nie.
- (f) Jong mense moet deelneem aan plaaslike teenmisdadstrukture of gemeenskapspolisieringsforums (GPF's) en aktief wees teen korrupsie wat dwelmbekampingspogings belemmer.

- (g) Inligting oor die nadelige gevolge van middelgebruik en die risiko's van verslawing moet saam met alkoholadvertensies op televisie verstrekkend word. 'n Algehele verbod op alkoholreklame moet deur die staat oorweeg word.
- (h) Met die oog op die beperkte toegang tot rehabilitasiesentrums moet die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling programme vir skadevermindering en rehabilitasie landwyd instel en uitbrei vir jong mense wat met middelmisbruik worstel.
- (i) Munisipale verordeninge oor die beperking van toegang tot alkohol moet streng afgedwing word.
- (j) Werkgeleenthede rakende die bekamping van middelmisbruik moet geskep word.

6.3.4 Bekamp geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord

- (a) Implementeer die Nasionale Strategiese Plan vir Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord (NSP) (2020-2030). Versterk die bestaande wetgewing wat oor geslagsgebaseerde geweld handel deur die drie vernaamste stukke wetgewing te wysig, naamlik die Wet op Gesinsgeweld; die Wet op die Strafbereg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), en die "Criminal and Related Matters Act".
- (b) Implementeer voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste vir slagoffers en daders van geweld in kinderjare en volwassenheid.

6.3.5 Bevorder seksuele en reproduksiegesondheid en -regte

- (a) Kweek waardes teen genderstereotipering en vooroordele by jong mense om 'n sin van innerlike oortuiging, selfrespek en wedersydse respek te bevorder, saam met 'n dieper begrip van menslike seksualiteit. Die jeug, veral jong vroue, moet geleer word om selfgeldend te wees by besluite oor seksuele en reproduksiegesondheid en -regte, en om skendings van hierdie regte aan te meld. Dit is 'n kernfokus van omvattende seksopvoeding en 'n verantwoordelikheid van skole en gesinne.
- (b) Bevorder toegang tot adolessent- en jeugvriendelike gesondheidsdienste en inligting oor seksuele en reproduksiegesondheid en -regte en brei dit uit deur mobiele klinieke in openbare en privaat gesondheidsfasiliteite, in skole en ander plekke. Jong mense moet hulle eie besluite oor hulle gesondheidsorg kan neem, gelei deur onbevooroordeelde en empatiese gesondheids-, maatskaplike en gemeenskapswerkers.
- (c) Implementeer regsraamwerke vir kinderbeskerming in gesondheidsfasiliteite oor kwessies van verkragting en alle ander vorms van seksuele mishandeling.
- (d) Laat jong mense toe om gesondheidsorgdienste te gebruik, insluitende deur mobiele gesondheidsklinieke, om gesondheidsbevorderings- en siektevoorkomingsveldtogte en MIV-berading en -toetsing te gebruik en kweek belangstelling in persoonlike gesondheid en ook die aftakeling van selfopgelegde versperrings en kontekstuele versperrings tydens pandemies en ander toekomstige uitbrekings.
- (e) Beskerm jong mense teen seksuele en geslagsgebaseerde geweld, seksueel oorgedraagde infeksies, middelmisbruik en tienerswangerskap. Kulturele praktyke wat hulle menseregte skend, moet getakel word en die maatskaplike bepalers van gesondheidsuitdagings moet hanteer word.
- (f) Implementeer ingrepe wat inligting verskaf en bekamp taboes, mites, wanopvattinge, stereotipering en diskriminasie rakende seksualiteit.
- (g) Bemagtig gesinne en gemeenskappe met vaardighede sodat hulle vryelik en gemaklik in hulle huistaal met adolessente kan praat oor seksuele en reproduksiegesondheid.

6.3.6 Versag die impak van pandemies

- (a) Verskaf 'n omvattende reaksie om die impak van pandemies op burgers, veral jong mense, te versag, terwyl die risiko's beheer word.
- (b) Verminder die maatskaplike en ekonomiese impak van die pandemie en beskerm die kwesbares deur te verseker dat sowel maatskaplike as ekonomiese ingrepe 40% jeugdige as bevooroordeelde teiken.
- (c) Bevorder toegang tot nuwe maniere van leer (aanlyn en afstandsonderwys).
- (d) Verskaf maatskaplike noodhulp aan gesinne wie se inkomste negatief geraak word deur die pandemie.
- (e) Ondersteun sakeondernemings in jeugbesit deur belastingverligting te bied.

- (f) Fasiliteer die gemeenskappe se toegang tot water en sanitasie.
- (g) Betrek die jeug as ambassadeurs om basiese higiënepraktyke te bevorder, soos om hande gereeld te was en handreiniger te gebruik.
- (h) Verseker jong mense se deelname aan besluitneemprosesse om hulle agentskap en stem te versterk.
- (i) Bevorder innovasie deur jong mense na aanleiding van pandemies.
- (j) Moniteer deurlopend die impak van pandemies op die jeug, insluitende deur direkte betrokkenheid, dialoog, navorsing, ens.

6.4 MAATSKAPLIKE SAMEHORIGHEID EN NASIEBOU

Die NOP beoog dat Suid-Afrikaners in 2030 in 'n meer samehorige samelewing sal lewe wat die verdelings van ras, gender en klas vermy en groter aanvaarding van mense se uiteenlopende identiteite sal hê. Maatskaplike samehorigheid en nasiebou skep eenheid van doel, naamlik om die hindernisse te oorkom wat voorspoed en billikheid verhinder. Die jeug van Suid-Afrika het al herhaaldelik gewys hulle kan op alle vlakke van die kreatiewe en kulturele bedrywe plaaslik en internasionaal meeding, en hulle voorbeeld moet deur andere nagestreef word. Byvoorbeeld, in 2020 is Trevor Noah se Daily Show-program, wat uit New York uitgesaai is, daaglik deur miljoene volgelinge dwarsoor die wêreld gekyk. Suid-Afrika het die afgelope jare verskeie wenners van die Mej Heelal-kompetisie opgelewer, insluitende Demi-Leigh Nel-Petersen in 2017, Zozibini Tunzi in 2019 en Tamaryn Green, wat in 2018 tweede was in die Mej Heelal-kompetisie. Die land het ook in 2019 die Rugbywêreldbeker verower en sodoende die gees van oorwinning deur gesamentlike pogings te kroon. Jong mense moet dus die leiding neem om die grondwetlike visie van 'n verenigde, nieseksistiese, nierassige, demokratiese, voorspoedige en gelyke samelewing te verwesenlik. Sport en die kunste het 'n sterk vermoë om nasiebou te steun, soos blyk uit die eenheid wanneer Suid-Afrikaners deelneem of wen in mededingende sport soos atletiek, sokker, swem en rugby. Die regering, deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en sy agentskappe, identifiseer die kunste-, kultuur- en erfenissektor se rol as "om by te dra tot volhoubare ekonomiese ontwikkeling en verhoging van werkskepping deur bewaring, beskerming en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kuns, kultuur en erfenis ten einde 'n maatskaplik samehorige en demokratiese nasie te onderhou" (Departement van Kuns en Kultuur, 2017).

Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur het die Mzansi Goue Ekonomie in 2012 ontwikkel, met as primêre doel vaardigheidsontwikkeling en die skep van volhoubare werkgeleenthede vir kunstenaars. Die strategie fasiliteer 'n jaarlikse befondsingsprogram vir kunste, kultuur en die erfenissektor wat ten doel het om befondsing te verskaf vir jong kunstenaars, kurators, erfenispraktisyns, jeugorganisasies, navorsingsinstellings en die algemene publiek. Agentskappe van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur soos die Nasionale Kunsteraad en die Nasionale Erfenisraad verskaf ook fondse vir werkskepping. Voorts het die Nasionale Lotery 'n deurlopende befondsingsprogram vir kuns-, kultuur- en erfenisprojekte, en die geteikende bevoorreedes is hoofsaaklik jong mense. Hoewel statistieke oor die aantal werkgeleenthede wat deur die kuns-, kultuur- en erfenissektor geskep is nie beskikbaar is nie, het die sektor enorme potensiaal vir werkskepping vir jong mense en moet dit gekoester word. Enige program gemik op die skep van werkgeleenthede vir jong mense en om hulle te help om onafhanklik te wees, moet die bevordering en ontwikkeling van kuns en kultuur en erfenisbewaring in die hoofstroom plaas. Jong Suid-Afrikaners moet ook opstaan teen ongeregtheid, in Suid-Afrika en wêreldwyd, en moet bydra tot sake wat sistemiese veranderinge bepleit. Dit sluit in bewegings soos #DataMustFall, #BlackLivesMatter, #LGBTQILivesMatter en andere wat in die toekoms kan ontstaan.

Voorgestelde ingrepe

6.4.1 Gebruik veelsydige benadering om maatskaplike samehorigheid en nasiebou te verskans

- (a) Die regering en sy maatskaplike vennote moet infrastruktuurprojekte soos gemeenskapsbiblioteke en instandhouding van wêreldklas erfenisterreine instel om toerisme te bevorder en werkgeleenthede te skep.
- (b) Die kreatiewe bedryf moet voordele van die 4IR aangryp en benut. Byvoorbeeld, die gebruik van blokketting kan herdefinieer hoe kunstenaars besoldig word deur 'n platform vir skeppers van intellektuele eiendom te word om waarde vir hulle werk te ontvang (WEF, 2017). Dit verminder uitbuiting deur tussengangers wat hulself in die waardeketting plaas tussen kunstenaars en hulle gehore.
- (c) Entrepreneurskap gaan hand aan hand met die kreatiewe en kultuurbedryf en moet aangemoedig en bevorder word as 'n manier om werkgeleenthede te jong mense te skep.
- (d) Musiek, drama, film- en rolprentproduksie, media, fotografie, modehuise, verhoogstukke en komedie en verwante uitvoerende kunste moet gesteun word as die vinnigs groeiende sektore van die kreatiewe en kultuurbedryf.
- (e) Plaaslike regerings en die Departement van Sport, Kuns en Kultuur moet geleenthede vir jong mense skep om oor

sosiale klas en rasgrense heen op te tree, en die programme moet in geïntegreerde ontwikkelingsplanne opgeneem word.

- (f) Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur in samewerking met ander departemente en organisasies in die burgerlike samelewing moet aktief deelneem aan die opbou van jong mense se morele waardestelsel om hulle lewenslange verbintenis tot persoonlike integriteit en morele maatskaplike optrede in die wese van die samelewing te verseker. Dit moet ideaal gesproke goeie morele redenering ontwikkel om die etiese werklikhede die hoof te bied en persoonlike keuses te maak wat berus op integriteit, insluitende die vermoë om korrupsie te weerstaan.

6.4.2 Verskaf toereikende hulpbronne en opgradering van die Nasionale Jeugdiensprogram

- (a) Die regering, die privaat sektor en die burgerlike samelewing moet die NJD-program bevorder, lewe daarin blaas, toereikende hulpbronne verskaf en die reikwydte vergroot. Dit is in ooreenstemming met baie Afrikalande soos Namibië, Kenia en Tanzanië, waar die Departement van Verdediging die NJD-program steun om die vaardighedsrevolusie op die geïdentifiseerde prioriteitsgebiede te steun en dissipline en patriotisme bevorder. Om dit te doen, moet 50% van die geïdentifiseerde opleidingsgebiede deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gesteun word met afgekampte SETA-fondse.
- (b) Prioritiseer wetgewing vir 'n verpligte NJD-program. Belanghebbendes in die staat, die sakesektor en die burgerlike samelewing moet 'n skakel bied tussen NJD-geleenthede en 'n uittreegeleentheid wat jong mense lei na die jeugwerksektor en ander sektore.
- (c) Skep en bevorder geleenthede vir inter- en intrakontinentale samewerking tussen plaaslike Suid-Afrikaanse jeugdige en jeugdige van ander dele van die Afrika-vasteland en die wêreld, soos kuns- en kultuurerfenisfeeste, skooluitruilprogramme en verwante aktiwiteite wat begrip van Afrikawaardes kan bevorder.
- (d) Laat Suid-Afrikaanse jeugdige leer hoe jeugdige in ander dele van die wêreld geleenthede vir hulself op hierdie gebiede skep.

6.4.3 Stel die jeug bloot aan positiewe grondwetlike waardes wat Suid-Afrikaanse identiteit bevorder

- (a) Jong mense moet die aanhef tot die Grondwet leer, internaliseer en uitleef, want dit is wat dit beteken om Suid-Afrikaans te wees. Die NOP-voorstel dat die aanhef tot die Grondwet op alle skoolbyeenkomste voorgedra word, gevolg deur die sing van die volkslied, word reeds in skole toegepas en moet die norm vir alle skole wees.
- (b) Alle jong mense moet hulle met die Grondwet en die Handves van Regte vertrou maak en die waardes daarin uitleef. Die Handves van Verantwoordelikhede dring by jong mense aan op aanvaarding van die oproep tot verantwoordelikhede wat voortvloei uit die vele regte en vryhede wat hulle besit as gevolg van die opoffering en lyding van mense in die verlede.
- (c) Verteenwoordigende studenterrade moet aandrang op transformasie in skole en instellings van hoër onderwys en verseker dat hulle instellings strategieë ontwikkel en implementeer om 'n nierassige en inklusiewe kultuur, etos en kurrikulum te bou.
- (d) Die media en regisseurs moet die ideale van 'n nierassige, nie-seksistiese en demokratiese Suid-Afrika in al hulle verslaggewing bevorder en moet genoeg lugtyd gee vir stories wat heling, nasiebou en dialoog fasiliteer.
- (e) Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur moet voortgaan om nasionale simbole gereedelik beskikbaar te stel in skole en leerinstellings. Nasionale simbole moet ook prominent vertoon word in staatsgeboue en, waar moontlik, in privaat maatskappye, ter ere van die waarde van 'n verenigde Suid-Afrika.
- (f) Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur moet voortgaan om programme te versterk en te bewaar wat op nasiebou en maatskaplike samehorigheid gemik is, soos nasionale kunstefeeste en sportaktiwiteite.

6.4.4 Ondersteun jong Suid-Afrikaners om alle vorms van diskriminasie teen te staan, insluitende sistemiese rassisme

- (a) Die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, saam met verskillende staatsinstellings, plaaslike regerings, burgerlike organisasies en die jeug self, moet die Nasionale Aksieplan implementeer om sistemiese rassisme, rassiediskriminasie, xenofobie en verwante onverdraagsaamhede, insluitende diskriminasie op grond van seksuele georiënteerdheid, en homofobiese geweld te bekamp.
- (b) Implementeer veldtogte wat fokus op verhoging van bewustheid en verandering van houdings en gedrag met betrekking tot rassistiese en xenofobiese tendense. Dit moet insluit vertrouwdmaking van jong mense met die Nasionale Aksieplan om sistemiese rassisme, haatmisdade, xenofobie en verwante onverdraagsaamhede te bekamp en die Wetsontwerp op die Voorkoming en Bekamping van Haatmisdade en Haatspraak asook verbandhoudende programme.

- (c) Die staat en sy vennote, insluitende die sakesektor, moet die kunste bevorder deur finansiële en IKT-steun aan jong kunstenaars te verleen om hulle in staat te stel om werk te skep wat nasiebou uitdruk en platforms vir debatvoering skep.

6.4.5 Bevorder leierskap en aktiewe burgerskap onder die jeug

- (a) Ondersteun die ontwikkeling van jeugleierskap aktief in die konteks van tussenowerheidsverhoudinge. Alle lede van die samelewing moet verantwoordelik wees vir die skep van 'n omgewing wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van die volgende geslag leiers. Die jeug moet voorsien word van geleenthede om te leer en leierskapvermoëns te verfyn. Daar moet 'n teikenpersentasie van jeugverteenvoordiging wees in besluitneemstrukture op alle vlakke van regering, die burgerlike samelewing en die privaat sektor. Jong akademici moet ook aangemoedig en ondersteun word.
- (b) Aanvaar innoverende, interaktiewe en mobiele gemeenskapsbetrokkenheidsinstrumente soos GovChat, LetsChat en soortgelyke innoverings wat jong mense se sienings of optrede oor regering weerspieël. Munisipaliteite moet plaaslike jong mense gebruik om navorsing oor gemeenskapsopptrede te doen en om wykgebaseerde data in te samel om munisipale beplanning en ontwikkeling te verbeter.
- (c) Munisipale rade moet burgerlike opvoeding bevorder en jaarliks innoverende programme implementeer om jong mense te leer oor hulle burgerlike pligte asook hulle regte en verantwoordelikhede as burgers. Dit kan kostedoeltreffend gedoen word deur gemeenskapsradio, munisipale kennisgewingsborde, drukmedia en munisipale sosialemediabladsye.
- (d) Tradisionele rade moet hulle onderskeie kulture beskerm en bewaar deur trots op Afrika-identiteite aan te wakker deur die bevordering van inheemse kennis, tale en praktyke.

6.4.6 Brei verpligte skool- en gemeenskapsport uit en verskaf voldoende hulpbronne

- (a) Die staat moet verseker dat daar vir die meerderheid van die bevolking toereikende gemeenskapsfasiliteite vir sport en ontspanning is wat goed in stand gehou word.
- (b) Die jeug moet hulself organiseer in gemeenskapsklubs sodat hulle kan aanhou aan sport deelneem. Dit sal dit vir sportfederasies en die staat makliker maak om te help met toerusting waar nodig.
- (c) Die departemente van Sport, Kuns en Kultuur en van Openbare Werke en Infrastruktuur, in samewerking met sakeondernemings en munisipaliteite, moet aktiewe leefstylprogramme in gemeenskappe vir die jeug instel.

6.4.7 Gebruik die 4de Industriële Revolusie om maatskaplike samehorigheid en nasiebou te bevorder

- (a) Vergroot konnektiwiteit en verseker gratis toegang tot data en/of bekostigbare data.
- (b) Verskaf toegang tot breëbandinfrastruktuur in meesal landelike gebiede met swak dienste in Suid-Afrika.
- (c) Ondersteun jong mense se toegang tot inligting.

6.5 EFFEKTIEWE EN RESPONSIEWE JEUGONTWIKKELINGSMASJINERIE

In aansluiting by die NOP se doelwit om 'n bekwame staat te skep deur professionalisering van die staatsdiens, behels kapasiteitsbou in die jeugsektor die versterking van sleutelinstellings wat toegewy is aan dienslewering aan die jeug en wat verseker dat jeugontwikkelingspraktisyns as primêre diensverskaffers die nodige vaardighede en bekwaamhede het. In hierdie verband is die volgende instellings noodsaaklik vir die implementering van hierdie beleid:

- (a) Die DVJPG is die verantwoordelike instansie vir ontwikkeling, koördinerende, monitering en evaluering van beleid. Sy ander verantwoordelikhede sluit in die doen van dwarsliggende belangrike jeugnavorsing, voorspraak, hoofstroming, en betrekking en ondersteuning van belanghebbendes. Deur die Ministerie en die Tak Nasionale Jeugontwikkeling gaan die Departement 'n raamwerk ontwikkel en voorspraak doen vir jeugresponsiewe beplanning, begroting, monitering, evaluering en ouditering (JRBBMEO) in alle sektore in alle sferes van die samelewing om naatlose integrasie en gekoördineerde reaksie op jeugontwikkeling te verseker. Op provinsiale vlak sal hierdie gelyklopende funksie verrig word deur die premiers, gesteun deur die jeugenhede in die kantore van die premiers.
- (b) Voorts is daar jeugenhede in sektorale departemente in alle regeringsfere. Hierdie eenhede is ingestel om sektorspesifieke beleide/strategieë te ontwikkel, jeugontwikkeling in die hoofstroom te plaas binne hulle beleide en programme, en leiding te gee vir konseptualisering en implementering van sektorale programme en projekte. Op plaaslike vlak is daar jeugkantore belas met verantwoordelikheid vir leidinggewing vir die lewering van dienste aan jong mense en om te verseker dat dit geprioritiseer word in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's). Die plaaslike jeugkantore moet met plaaslike departemente van ekonomiese ontwikkeling saamwerk om die jeug te ondersteun

met inligting en kapasiteit om beskikbare geleenthede te benut. Al hierdie strukture sal suksesvolle implementering van die beleid verseker.

- (c) Om die implementering van jeugingrepe verder te intensiveer, is die NYDA deur die NYDA-wet ingestel. Ingevolge hierdie wet het die NYDA die mandaat om die jeug in die ekonomie te integreer en hulle belange te bevorder. Dit is belangrik dat die NYDA se huidige mandaat breed is en moeilik is om te implementeer, veral oor die hulpbronbeperkings. Die NYDA-wet word dus gewysig om die operasionele doeltreffendheid daarvan te verbeter en sy reikwydte te vergroot.
- (d) Die SAJR is in 1997 in Suid-Afrika ingestel om die belange van jong mense te verteenwoordig. Die SAJR het 'n groot aantal lidorganisasies. Een van sy fokusareas is om te verseker dat jeugorganisasies aan breër maatskaplike kwessies deelneem. Van belang vir hierdie beleid is dat hoewel die SAJR se rol om 'n "stem vir die jeug" te wees erken word, hierdie organisasie nie formeel erken word nie en steeds uitdagings ondervind, waaronder tekorte aan finansiële en menslike hulpbronne. Hierdie probleme is knellend omdat dit die mobilisering van die jeugsektor baie direk raak. Dit is dus gebiedend dat die SAJR formeel erken moet word as 'n topdiggaam vir jong mense in Suid-Afrika. Sy menslike en finansiële hulpbronne moet ook versterk word sodat hy sy mandaat doeltreffend kan uitvoer. Op sy beurt moet die SAJR die kapasiteit van sy lidorganisasies versterk om die jeug daadwerklik te betrek om aktiewe burgers te wees.
- (e) Die PJWG hou politieke oorsig oor die implementering van die NJB 2030. Die PJWG, gelei deur en ondervoorsitterskap van die President, dien as 'n strategiese platform vir gesamentlike beplanning en verslagdoening oor vordering. Dit fasiliteer die aanspreeklikheid van verskillende rolspelers vir die jeug. Dit word beheer deur groot belanghebbendes en jong mense van die staat, burgerlike samelewing, sakeondernemings en die georganiseerde arbeid.
- (f) Die Parlementêre Portefeuljekomitee vir Vroue, Jeug en Persone met Gestremdhede hou toesig oor die uitvoerende gesag en die NYDA as 'n openbare entiteit. Dit hou steeds die partye aanspreeklik vir jeugontwikkeling en bemagtiging.
- (g) Nieregeringsorganisasies wat deur jeugdige gelei word en die jeug dien, tree onafhanklik van die staat op en lewer direkte en indirekte jeugontwikkelingsdienste. Hulle is internasionaal, nasionaal en plaaslik bedrywig, en party is gemeenskaps- of geloofgebaseer. Hierdie beleid erken die kritieke rol wat hierdie organisasies speel om jeugontwikkelingsdienste te lewer.
- (h) Die verbintenis van die privaat sektor tot jeugontwikkeling bly uiters belangrik, veral omdat jeugindiensneming 'n groot uitdaging vir die sektor is. Die privaat sektor moet die ekonomiese insluiting van die jeug prioritiseer deur byvoorbeeld responsiwiteit van breed gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB)-kodes vir die jeug en verskansing van JRBBMEO te verseker. Gesamentlike beplanning en dienslewering met die privaat sektor is ook belangrik. Die DVJPG moet die funksionering versterk van 'n jeugontwikkelingsmasjinerie/forum – 'n koördineringsstruktuur vir jeugontwikkeling bestaande uit belanghebbendes in die privaat sektor, die openbare sektor en die burgerlike samelewing.
- (i) Die afdelings vir jeugsake van multilaterale organisasies speel ook 'n belangrike rol in die Verenigde Nasies, die Afrikaunie, die groep bestaande uit Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS), die Statebondsekretariaat en die SAOG.

Dit is goed om daarop te let dat, ten einde doeltreffende dienste en programme te lewer, Suid-Afrika steeds sy tweeledige benadering tot jeugontwikkeling gebruik, naamlik die hoofstroming van jeugontwikkeling in verskeie sektore, en die verskaffing van toegewyde en jeuggefokusde gespesialiseerde programme en dienste. Dit vereis 'n samewerkende en gekoördineerde poging van sleutelrolspelers in jeugontwikkeling, as deel van 'n sosiale verdrag, en vandaar die behoefte om tussenregeringsbetrekkings te optimeer tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regering om samewerking tussen alle regeringsfere saam met die jeug te verseker. In hierdie verband moet jong mense betrek word by beplanning en besluitneming, bou van netwerke en bekamping van stereotipes wat hulle as maatskaplike probleme uitbeeld. In plaas daarvan moet 'n instaatstellende omgewing geskep word wat hulle energie kanaliseer, hulle leierskap ontwikkel en vars perspektiewe bevorder wat hulle as aktiewe burgers bevorder wat maatskaplike probleme die hoof kan bied en geleenthede kan benut. Vennootskappe is baie belangrik, en so ook diensleweringmodelle wat institusionele steun verseker en bydra tot die vorming van sterker investering in jeugprogramme dwarsdeur die samelewing.

Voorgestelde ingrepe

6.5.1 Versterk jeuginstellings en -strukture om doeltreffendheid en responsiwiteit te verseker

- (a) Daar moet deursigtige en toereikende hulpbronne vir jeugontwikkelingsinstellings wees, asook sterk maatreëls vir aanspreeklikheid oor hoe die hulpbronne uiteindelik gebruik is.
- (b) Die DVJPG moet voorspraak maak vir stelselmatige ingrepe, en dit instel, om koördinerings van die verskillende instellings te verseker en silo-bedrywigheede uitskakel om behoorlike koördinerings van jeugontwikkelingsprogramme te bevorder en fragmentasie, duplisering en verkwisting te vermy.
- (c) Alle dele van die staat moet jeugontwikkeling in die hoofstroom plaas in sektorale beleide en programme om responsiwiteit te verseker.
- (d) Behoorlik gekonseptualiseerde jeugontwikkelingsprogramme en -projekte moet deur die staat, burgerlike samelewing en sakesektor geïmplementeer word.

- (e) Die Tak Nasionale Jeugontwikkeling in die DVJPG moet versterk word met toereikende menslike en finansiële hulpbronne om sy mandaat van toesig oor die doeltreffende implementering van die Jeugontwikkelingsbeleid uit te voer.
- (f) Die DVJPG moet die wysiging van die NYDA-wet bespoedig en finaliseer.
- (g) Die jeugontwikkelingsinstellings en -strukture op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak moet versterk word. Dit sluit in 'n nasionale jeugontwikkelingsforum, provinsiale jeugontwikkelingsforums en plaaslike jeugontwikkelingsforums. Die doel van hierdie forums is om belanghebbendes in die jeugontwikkelingsruimte byeen te bring vir doeltreffende en gesamentlike beplanning, samewerking en evaluering, saam met ander vereistes.
- (h) Die staat moet gegewens oor gender, ouderdom en gestremdheid vir alle jeugprogramme instel sodat die ontwerp van ingrepe vir hierdie groepe op bewyse berus.
- (i) Alle sektore in alle sferes moet jeugontwikkeling bevorder en jeugfokuspunte in die jeugseenhede daarvoor gebruik.
- (j) Die raamwerkwetgewing vir jeugontwikkeling in Suid-Afrika (Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Jeugontwikkeling) moet opgestel en aan die Parlement gestuur word vir oorweging.
- (k) Jeugparlemente moet ingestel en/of versterk word.

6.5.2 Koördineer dienslewering vir hoë impak

- (a) Die DVJPG moet die ontwikkeling en implementering van minimum norme en standaarde vir jeugontwikkeling koördineer om te verseker dat die jeug toegang kry tot dienste en programme van gehalte ongeag hulle ligging.
- (b) Jeugontwikkelingstrategieë moet op alle vlakke deur al drie regeringsfere aangeneem word. Munisipaliteite moet die institusionalisering van jeugontwikkeling in hulle prosesse verseker, want dit is die regeringsfeer die naaste aan die jeug.
- (c) Die DVJPG, die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake en die kantore van die premiers moet munisipaliteite ondersteun om ná konsultasie omvattende jeugontwikkelingstrategieë te ontwikkel (n ooreenstemming met die NJB 2030 en plaaslike werklikhede) wat deur munisipale rade aangeneem en befonds kan word.
- (d) Munisipaliteite moet plaaslike jeugontwikkelingsforums instel om dienslewering op plaaslike vlak te koördineer. Tradisionele rade moet ook dieselfde proses volg en voorts verseker dat die kwessies rakende die jeug in tradisionele rade geïntegreer word in die munisipaliteit se jeugontwikkelingstrategie.
- (e) Implementeer die distriksgebaseerde ontwikkelingsmodel om beter impak van beleide, strategieë en programme vir die jeug te verseker.
- (f) Fasiliteer die instelling van hoëvlakbetrokkenheid vir jeugontwikkeling wat deur die privaat sektor gelei word.

6.5.3 Fasiliteer erkenning van jeugontwikkelingspraktyk as 'n profesie

- (a) Fasiliteer erkenning van jeugontwikkelingspraktyk/jeugwerk as 'n afsonderlike profesie.
- (b) Fasiliteer erkenning van jeugontwikkeling as 'n gespesialiseerde professionele terrein van verskeie sektore.
- (c) Moedig die ontwikkeling aan van 'n kennismassa om jeugontwikkelingspraktyk te steun.
- (d) Stig 'n professionele vereniging om professionele identiteit en die deling van beste praktyke te bevorder.
- (e) Ontwikkel beroepseenheidstandaarde rakende jeugontwikkelingspraktyk en stel lisensiëringstelsels in vir jeugwerkers gebaseer op hulle professionele kwalifikasiestatus.
- (f) Konseptualiseer jeugprogramme met gespesifiseerde beoogde impak.
- (g) Fasiliteer erkenning van vooraf leer as 'n kernbestanddeel van professionalisering.
- (h) Stel stelsels vir verslagdoening in wat geskik is vir die doel en wat aanspreeklikheid verseker.

7. MEGANISMES VIR MONITERING EN EVALUERING

Die implementering van die NJB oor die tydperk 2020-2030 sal op 'n deurlopende basis gemoniteer word deur die DVJPG in vennootskap met die betrokke sektore en belanghebbendes op alle vlakke. Die Departement sal 'n M&E-raamwerk ontwikkel met hoëvlakse uitset-, uitkoms- en impak-M-aanwysers vir elk van die beleidsvereistes. Die raamwerk sal gelei word deur die M&E-raamwerk wat in 2018 vir die NJB 2020 goedgekeur is asook die staatswye M&E-raamwerk en die Nasionale Evaluasiebeleidsraamwerk (NEBR) wat die Suid-Afrikaanse regering se verbintenis versterk tot die beginsels van inklusiwiteit en die kruisimplementering van verskillende moniteer- en evalueerbenaderings wat inklusiwiteit bevorder (DPME, 2019). Die voorgestelde M&E-raamwerk sal meetbare aanwysers bied, asook tegnieke vir dataversameling en instrumente vir die monitering van implementering.

Die raamwerk sal NJB-implementering deur alle sektore en tersaaklike diensverskaffers moniteer om te verseker dat sukses nie net op ingrypingsuitsette berus nie (bv aantal bevoordeeldes) maar ook fokus op middel- tot langtermyn-ingrypingsuitkomste (bv hoe bevoordeeldes se lewe verander het as gevolg van die beleidsingrepe). Kapasiteit vir interne monitering en evaluering sal geskep word vir alle sleutelbelanghebbendes en implementeringsagente. Dit sal insluit om jong mense te teiken om die uitkomste van die ontwikkelingsproses te aanvaar deur by die monitering en evaluering betrokke te raak en sodoende jeuggeleide aanspreeklikheid te bevorder aangesien menseregte 'n voorvereiste vir ontwikkeling is. Ondervinding van die vorige NJB toon aspekte van implementeringsmislukking as gevolg van laat ontwikkeling en goedkeuring van die M&E-raamwerk. Sulke beperkings word proaktief hanteer om vermorsing van hulpbronne en gefragmenteerde dienste te vermy. 'n Aanlyn databestuurstelsel word ook oorweeg om verslagdoening te help bevorder en aanspreeklikheid te verbeter.

Verder sal 'n GJOS deur die NYDA ontwikkel word om uitvoering te gee aan die implementering van die jeugbeleid. 'n Onafhanklike formatiewe evaluering van beleidsimplementering sal in 2025 gedoen word met die oog op moontlike wysigings van die GIOS, en 'n onafhanklike summatiwede evaluering sal aan die einde gedoen word om die algemene impak van die beleid en die voordele wat jong mense, die jeugsektor en die breër samelewing ontvang het, te assesseeer. Jong mense sal gemobiliseer word om by die JRBBMEO betrokke te raak as eindgebruikers / diensontvangers / bevoordeeldes

8. TEN SLOTTE

Lesse uit die implementering van die NJB 2020 dui daarop dat daar 'n behoefte bestaan om te reageer op die komplekse, toenemende en veranderende behoeftes van die jeug. Hierdie reaksies moet op 'n versnelde en geïntegreerde wyse geïmplementeer word, met inagneming daarvan dat die jeug 'n kritieke ontwikkelingsfase is en dat alle jong mense verdien om bemagtig te word sodat hulle gladweg na volwassenheid kan beweeg. Die NJB 2030 is daarop gemik om die uitdagings van Suid-Afrikaanse jeug die hoof te bied en om 'n omgewing te skep wat hulle in staat sal stel om hulle potensiaal te verwesenlik. Daarom is dit baie belangrik om 'n M&E-raamwerk te hê om implementering van die jeugbeleidsuitkomst en uitset in 'n vroeë stadium te monitor. Die NJB 2030 beoog jeugontwikkelingsprogramme wat reageer op die uitdagings van die jeug van Suid-Afrika deur die GJOS om jong mense in staat te stel om beheer oor hulle toekoms te neem.

Hierdie jeugbeleid word ontwikkel in die era van die 4IR. Om die NJB 2030 se beleidsprioriteite te versnel, sluit voorgestelde maatreëls in gehalte-onderwys en vaardigheidsrevolusie, ekonomiese deelname, pogings om arbeidsabsorpsie in die ekonomie te verbeter, beter liggaamlike en geestesgesondheid asook goed funksionerende doeltreffende jeugontwikkelingsstrukture. Dit alles moet in die praktyk ondersteun word deur toereikende hulpbronne en gekoördineerde leweringspogings, want doeltreffendheid is voorheen deur 'n gebrek hieraan belemmer. Daar word terdeë besef dat hulpbronne beperk is en dat die regering mededingende prioriteite moet opweeg; investering in die jeug is egter investering in die breër ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die implementering van hierdie ingrepe in die volgende 10 jaar sal ons nader bring aan 'n Suid-Afrika waarin jong mense en jeugdienende organisasies hulle volle potensiaal sal verwesenlik in die maatskaplike, ekonomiese en politieke lewensfere, en hulle verantwoordelikhede sal erken en ontwikkel om 'n beter lewe vir almal te bou.

9. BRONNE

African Union. 2006. African Youth Charter. Addis Ababa: African Union.

Butler-Adam, J. 2018. The Fourth Industrial Revolution and education. *S Afr J Sci.* 2018; 114(5/6), Art. #a0271, 1 page. <http://dx.doi.org/10.17159/sajs.2018/a0271>.

De Lannoy, A., Graham, L., Patel, L. & Leibbrandt, M. 2008. What drives youth unemployment and what interventions help? A Systematic Overview of the Evidence and a Theory of Change. Centre for Social Development in Africa, University of Johannesburg (UJ). Available: <https://www.uj.ac.za/faculties/humanities/csda/Documents/Youth%20Unemployment%20report%20FINAL%20interactive.pdf> [January 2020].

Department of Arts and Culture. 2017. 2017 Estimates of National Expenditure: Arts and Culture. <http://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2017/ene/Vote%2037%20Arts%20and%20Culture.pdf>

Department of Higher Education and Training. 2018. Statistics on Post-School Education and Training in South Africa: 2016. Pretoria: Department of Higher Education and Training.

Department of Planning, Monitoring and Evaluation (DPME). 2019. National Evaluation Policy Framework (NEPF): Let's grow South Africa together.

Department of Planning, Monitoring and Evaluation (DPME), 2019. Towards a 25 Year Review. Accessed on <https://www.dpme.gov.za/news/SiteAssets/Pages/25-Year-Review-Launch/Towards%20A%2025%20Year%20Review>

Department of Women, Youth and People with Disabilities [DWYPD]. 2020. National Strategic Plan on Gender-based violence and femicide. Department of Women, Youth and People with Disabilities. Republic of South Africa.

Hlagala, R.B. 2012. Emergence and future status of Youth Work: Perspectives of Social Service Professionals in South Africa. PhD thesis submitted to Faculty of Humanities, Department of Social Work and Criminology, at the University of Pretoria. Pretoria.

Nyeck, S.N., Shepherd, D., Sehoole, J., Ngcobozi, L. & Conron, K.J. 2019. The economic cost of LGBT stigma and discrimination in South Africa. UCLA, School of Law, Williams Institute, Los Angeles


Department of Arts and Culture. 2017. Revised White Paper on Arts and Culture (Third Edition). Department of Arts and Culture, South Africa. Pretoria.

Statistics South Africa. 2018. Mortality and causes of death in South Africa, 2016: Findings from death notification

Statistics South Africa. 2019. Quarterly Labour Force Survey: Quarter 1 2019, P0211. Pretoria. <http://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02111stQuarter2019.pdf>

UNFPA. 2020. Adolescents and Young People & Coronavirus Disease (COVID-19). <https://www.unfpa.org/resources/adolescents-and-young-people-coronavirus-disease-covid-19#> [2020, June 5]

World Economic Forum (WEF), 2017. How can Creative Industries benefit from Blockchain? <https://www.weforum.org/agenda/2017/07/how-can-creative-industries-benefit-from-blockchain/> [27 February, 2020]



#NYP2030

#YouthPower

#DecadeForPositiveYouthDevelopment